

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 18, No. 4

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jul-Aug 2018 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

Waarom vrye spraak belangrik is

Die Verenigde State en baie ander Westerse lande staan voor 'n kruispad. Vrye spraak is besig om uit te sterf en wanneer dit gebeur, sal baie ander dinge ook uitsterf.

Kirsten Powers is 'n selfverklaarde liberalis. Sy het onrustig begin geraak oor wat sy gesien het en reageer deur *The Silencing: How the Left Is Killing Free Speech*, te skryf. Nog 'n liberalis, Juan Williams, beskryf die boek só: "Kirsten Powers ontplof en loods 'n kwaai aanval op 'The Silencing' en noem dit die demonetisering en onderdrukking van verskillende, maar veral konserwatiewe beskouings. Hier is 'n liberalis wat die aandag vestig op ander sogenaamde liberaalgesinde mense wat op vryheid van spraak aanspraak maak, terwyl hulle almal wat nie met hulle saamstem nie, vertel om stil te bly". Powers noem hierdie spraak-sensors *eng* om hulle van ware liberaalgesinde mense te onderskei.

In 2018 het Dennis Prager aan die deelnemers by die *National Religious Broadcasters*-konvensie in Nashville, Tennessee, die verskil tussen *liberaal* en *linksgesind* verduidelik – hy het daarop gewys dat liberaalgesinde mense onpartydigheid en deernis bevorder, terwyl die linksgesindes slegs verdraagsaamheid vir hulle eie doelwitte propageer. *Links* en *regs* is dikwels politieke terme, maar uiterste linkses wat baie universiteite oorgeneem het, is totalitariste wat die opposisie

met enigiets tot hulle beskikking onderdruk. Dit is belangrik dat ons almal hierdie verskille verstaan. Ongeag of ons van linksgesindes of kleingeestiges praat, val ons hulle nie aan of bevorder konserwatief-gesindes nie. Linksgesindes, Marxiste en anargiste is tot 'n groot mate besig om ons kultuur binne te dring. Hierdie is 'n gevaarlike wending vir Westerse nasies en 'n skrikwekkende poging tot totalitaristiese *beheer oor denke*.

'n Professor in Sielkunde aan die Universiteit van Toronto, Jordan Peterson, het in die openbaar losgebars deur te weier om van sogenaamde "alternatiewe voornaamwoorde" gebruik te maak of om te verwys na 'n enkele individu as *hulle*, soos wat sommige geslag-verwarde individue daarop aandring. "'Ek het die opkoms van politieke korrektheid op kampusse sedert die vroeë 1990's dopgehou ... Dit het vir 'n rukkie gelyk asof dit besig was om te verdwyn', het hy gesê, 'maar toe het dit oor die afgelope vyf jaar met mening teruggekeer'" (Tom Spears. "*How controversial U of T prof Jordan Peterson became a lightning rod*". *Ottawa Citizen*, 10 Maart 2017).

Natasha Devon, Brittanje se voormalige raadgewer vir geestesgesondheid, het aan die hoof van die land se voorste meisieskole gesê dat hulle nie meer na studente moet verwys as *meisies of dames* nie, maar hulle met geslagsneutrale terme moet aanspreek. Dit het die liberaalgesinde Piers

Morgan woedend gemaak. Hy het op *Good Morning Britain* sy mening gelug: "Dit is verre-gaande. Heeltemal verre-gaande. Dis verby. Nie meer seuns nie, nie meer meisies nie. Nie meer mans nie, nie meer vrouens nie. Dit is verby met die wêreld". Hy het dit duidelik gemaak dat mense 'wat met hierdie snert saamstem, werklik opmerklik narre' is. (Luke Kinsella, "UK teachers told to use gender-neutral pronouns". *News.com.au*, 23 November 2017).

Ben Shapiro is 'n konser-watiewe stem wat die outoritêre beheer oor denke verkleineer. Die titels van drie van sy sewe boeke verduidelik waarom die meeste linksgesinde uni-versiteite probeer om hom stil te maak: *Brainwashed: How Universities Indoctrinate America's Youth*; *Bullies: How the Left's Culture of Fear and Intimidation Silences Americans*; en *Prime-time Propaganda: The True Hollywood Story of How the Left Took Over Your TV*.

Liberaal- sowel as konser-watief-gesindes spreek duidelik hulle opinies uit en bied weerstand, maar bevooroor-deelde media en howe lyk op hierdie tydstep asof hulle aan die kant van bevordering van gedrag en lewenstyle is wat teenstrydig met Bybelse waardes is en wat vryheid van spraak onderdruk.

'n Gevaarlike impak

Sommige mense maak 'n fout om te dink dat ons hier by die

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Waarom vrye spraak belangrik is

Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Die toekomstige een- wêreldregering 3

Sedert die Toring van Babel het baie mense probeer om 'n enkele wêreldregering te vestig, maar jammerlik misluk. Die Bybel profeteer egter dat 'n een-wêreldregering in die toekoms 'n werklikheid sal word.

'n Seën vir all nasies 8

Aborsie: Die ware storie (Deel 2) 10

Die aantal mense wat die waarheid omtrent aborsie besef word al hoe meer. Is daar hoop vir diegene wat reeds die fout gemaak het om 'n aborsie te hê?

"Giftige manlikheid" of manlike leierskap 15

Wat is vir Duitsland geprofeteer? 16

Duitsland het onbetwisbaar die invloedrykste nasie in Europa geword. Bybelprofesie beskryf Duitsland se toekoms en die impak wat dit op die wêreld sal maak.

'n Beter "rewolusie"! 21

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Die werke van Sy Hande 24

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Gerald E. Weston

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Kuns Redakteur

John Robinson

Besturende Redakteur

Wallace Smith

Streeksredakteurs

Robert Tyler (Australasië)

Stuart Wachowicz (Kanada)

Adam West (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (*NV, Nuwe Vertaling*, 1983).

Die toekomstige een-wêreldregering

Deur Richard F. Ames

Bybelse profesieë vertel aan ons dat 'n eindtydse wêreldmoondheid die wêreldhandel, internasionale politiek en militêre mag sal oorheers en die mensdom tot op die randjie van algehele selfvernietiging sal lei. Dit sal egter nie die soort wêreldregering wees wat die samesweringsteoretici verwag nie en dit sal gevolg word deur selfs 'n groter regering wat uiteindelik ware vrede na die hele wêreld sal bring!

So lank terug soos die Toring van Babel het die mensdom van 'n een-wêreldregering gedroom. Alhoewel God die mensdom beveel het om oor die aarde te versprei, het hulle in teenstelling met hulle Skepper se wil, verkies om op een plek te bly. Dit was egter nie God se wil dat die mensdom op een plek onder een menslike regering sou verenig nie en Hy het ingegryp om die mensdom oor die aarde te verstrooi deurdat Hy hulle verskillende tale gegee het. (Génesis 11:1-9). Sedertdien het elke koninkryk van die mensdom wat verrys het om so 'n vlak van mag te soek, uiteindelik self tot sy val gekom.

Sal die wêreld ooit onder die beheer van 'n enkele wêreldoorbruggende regering wees? Indien so 'n wêreldwye gesag wel uit die mense tot stand kom, wat kan ons te wagte wees? Sal dit ons hoop of ons vrese vervul? U Bybel het die antwoorde! God se Woord vertel nie slegs van 'n toekomstige gewelddadige, wrede menslike regering wat beheer oor die hele aarde sal nastreef nie, maar ook van 'n suksesvolle wêreldwye regering

wat uiteindelik die vrede sal bring wat die mensdom al so lank begeer. U behoort te weet wat die toekoms van die wêreld en die toekomstige een-wêreldregering sal wees!

'n Geskiedenis van mislukte pogings

Ryke wat die wêreld in die verlede oorheers het, het elkeen 'n hoogtepunt in hulle mag bereik, maar het uiteindelik tot 'n val gekom. Die groot Babiloniese Ryk het byvoorbeeld baie nasies verower, met inbegrip van die koninkryk van Juda in die Midde-Ooste. Hierdie groot ryk het met die beroemde hangende tuine van Babel gespog – een van die sewe wonders van die antieke wêreld. Die antieke geskiedkundige, Herodotus het geskryf: “Benewens die grootte daarvan ... oortref Babilon in glansrykheid elke stad wat aan die wêreld bekend is”. Die verdorwenheid en sedelike verval daarvan het egter tot God se oordeel gelei. Die skrif was aan die muur en die Persiese leër het die sogenaamde onindringbare stad Babilon verower.

Is sulke drome van 'n een-

wêreldregering verby? Daar is selfs vandag uitroepe vir 'n een-wêreldregering om ons kritieke wêreldwye konflikte en probleme op te los. Sommige Europeërs verwag 'n herlewing van die ou Romeinse Ryk. Die moderne parlamentsgebou van die Europese Unie in Straatsburg roep herinnerings op van hierdie antieke verhaal van die Toring van Babel, wat deur sy onvoltooide struktuur sigbaar weerspieël word en wat die hoop van die EU verteenwoordig om die vele volke en tale vreedsaam onder sy invloed te verenig.

Sulke verwagtings vir Europa spruit uit die vasteland se ervaring van twee verwoestende wêreldoorloë wat op sy grondgebied gewoed het. Sal sulke pogings egter in die hande van nasionalistiese leiers slaag? Die geskiedenis leer ons wat om te verwag.

Aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog het die president van Amerika, Woodrow Wilson, 'n volkebond voorgestel wat sou saamwerk om wêreldvrede te skep. Die instelling het misluk en die wêreld het net 'n geslag later nog 'n wêreldoorlog beleef. Na

die Tweede Wêreldoorlog in 1945, is die Verenigde Nasies vir dieselfde doel saamgestel. Tog is die onrus in die wêreld rondom ons vandag 'n ontnugterende bewys dat die 193 lidlande van die Verenigde Nasies nie die weg tot volhoubare wêreldvrede gevestig het nie. Die Europese Unie het ook met die druk van nasionalisme geworstel.

In 'n Mei 2015 pouslike omsendbrief het Pous Francis gesê: “Dit is noodsaaklik om sterker en doeltreffender georganiseerde internasionale instellings in te stel, met ampsdraers wat regverdig volgens 'n ooreenkoms tussen nasionale regerings aangewys en bevestig word om sanksies op te lê ... Daar is 'n dringende behoefte aan 'n ware wêreldwye politieke gesag, soos my voorganger, Blessed John XXIII, 'n paar jaar gelede aangedui het” (*Laudato Si*, 175).

Menslike regerings, menslike swakhede

Wie sal in beheer wees van so 'n “ware wêreldwye politieke gesag”? Politieke owerhede het deur die geskiedenis heen die selfsugtige doelwitte van wêreldoorheersing weerspieël. Benito Mussolini het 'n herlewning van die Romeinse Ryk beoog. *History.com* beskryf sy ambisies akkuraat:

As gevolg van Benito Mussolini se selferkende “dors na militêre glorie” het hy met sy skrandere intelligensie, psigologiese skerpsinnigheid en poli-

tieke uitgeslapeheid, geveg vir beheer oor sy militêre beleid. Oorspronklik 'n revolusionêre sosialis, het hy sy party verlaat om voorspraak te maak vir Italiaanse ingryping in die Eerste Wêreldoorlog. Ná die oorlog, waarin hy as 'n skutter gedien het, het Mussolini besluit dat dit sy roeping is om as 'n moderne keiser oor Italië te regeer en om die Romeinse Ryk te herbou. Hy het die paramilitêre Fascistiese beweging in 1919-1921 tot stand gebring en dit gebruik om na Rome op te ruk, eerste minister te word en om dan die diktatoriale mag oor te neem (1925-1926) (*History.com*, “*Benito Mussolini*”).

Italië het met Duitsland verenig en hulle “Spilmoondheid” het 'n nederlaag aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog gely. Sal daar egter nog 'n poging wees om die Romeinse Ryk te laat herleef? Ons het daardie onderwerp al verskeie kere in die *Wêreld van Môre* bespreek. Die boek *Openbaring* in u Bybel beeld 'n simboliese dier uit wat 'n magtige militêre, politieke en ekonomiese supermoondheid verteenwoordig en wat geskiedkundig die Romeinse Ryk verpersoonlik het. *Openbaring* voorspel 'n finale herlewning van daardie ryk en sy invloed op wêreldregering.

Hierdie supermoondheid wat wêreldwyd sal regeer, is nou

in die vormingstadias. Hierdie geprofeteerde eindtydse herlewning van die Romeinse Ryk sal deur 'n magtige leier gelei word wat “die dier” genoem word. Let op dat *Openbaring* 17 vertel dat tien konings of koninkryke, wat deur horings op 'n dier gesimboliseer word, hulle soewereiniteit aan hierdie diktator sal “oorgee”: “En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier” (verse 12-13).

Hierdie supermoondheid sal met politieke, ekonomiese en militêre gesag spog. Die wêreldryke van die verlede het militêre mag gebruik om kragtige beheer oor nasies te verkry. Hans Morgenthau, een van die bekendste outeurs van internasionale politiek van sy tyd, het die “stryd vir mag en vrede” in sy klassieke boek, *Politics Among Nations*, bespreek. Morgenthau gee 'n opsomming van wat hy 'n valse oplossing vir wêreldoorwinning noem:

Dit is duidelik dat 'n wêreldstaat wat deur verowering geskep word en wat nie die ondersteuning van 'n wêreldgemeenskap geniet nie, slegs 'n kans het om vrede binne sy grense te handhaaf indien dit volkome dissipline en lojaliteit onder die miljoene soldate en polisiebeamp-

tes kan skep en handhaaf wat nodig is om sy heerskappy op 'n onwillige mensdom af te dwing. So 'n wêreldstaat sou 'n totalitaristiese monster wees wat op voete van klei rus en die blote gedagte daaraan is vreesaanjaend. (*Politics Among Nations*, Vierde Uitgawe, bl. 496).

Antieke profesieë van ons tyd

U Bybel beskryf *wel* 'n eindtydse wêreldmoondheid met voete van klei! Die profeet Daniël beskryf simbolies vier wêreldregerende ryke wat met die finale herleefde Romeinse Ryk eindig. God het aan Nebukadnésar, die koning van antieke Babilon, 'n droom van opeenvolgende wêreldwye koninkryke gegee. Die Joodse profeet Daniël is voor die koning gebring om die droom te verklaar en ons lees van sy beskrywing van die beeld in Daniël 2:31-34:

U, o koning, het 'n gesig gehad—kyk, daar was 'n groot beeld; hierdie beeld was hoog, en sy glans was buitengewoon; dit het voor u gestaan en sy voorkoms was vreeslik. Wat die beeld betref, sy hoof was van goeie goud, sy bors en sy arms van silwer, sy buik en sy lendene van koper, sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei. U het gekyk totdat daar sonder toedoen van *mensehande* 'n klip losraak wat die beeld

getref het aan sy voete van yster en klei en dit fyn-gestamp het.

Watter ryke of koninkryke het hierdie beeld gesimboliseer? Die meeste hoogaangeskrewe Bybelgeleerdes stem saam oor hulle identiteite.

Daniël het aan die koning gesê dat die kop van goud, Nebukadnésar self asook sy ryk van Babilon verteenwoordig. Hierdie ryk is met die Medo-Persiese Ryk vervang en dit verteenwoordig die bors en arms van silwer. Die buik en dye van brons verteenwoordig die Grieks-Macedoniese Ryk van Alexander die Grote en die twee bene van Yster verteenwoordig die Romeinse Ryk vanaf 31 v.C. tot 476 n.C. Ten slotte verteenwoordig die tien tone aan die twee voete van yster wat met keramiek-klei gemeng is, 'n toekomstige herlewing van die Romeinse Ryk.

Bybelprofesie openbaar dat 'n groot supermoondheid in Europa sal opstaan en dat dit 'n herlewing van die Romeinse Ryk sal wees. Dit sal 'n groot politiese, militêre en ekonomiese moondheid wees. U kan van sy ekonomiese mag in Openbaring 18 lees. Die Almagtige God waarsku ons om nie aan die sondes van hierdie wêreldregering deel te hê nie! Die apostel Johannes skryf in Openbaring 18:4-5: “En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie. Want haar

sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregthede onthou.”

Hierdie finale eindtydse Diermoondheid wat die wêreld sal regeer sal nie deur Jesus Christus ondersteun word nie, maar deur 'n valse mag wat deur die “draak”, Satan die duivel, gelei word. Soos Openbaring 13:5-8 verklaar:

En 'n mond is aan hom [die Diermoondheid] gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit twee-en-veertig maande lank te doen. En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om sy Naam en sy tabernakel en die wat in die hemel woon, te laster. Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie. En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, *almal* wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie.

'n Totaal verskillende wêreldregering

Om na Nebukadnésar se droom terug te keer – hier sien ons dat die standbeeld wat wêreldoorheersende magte verteenwoordig het en wat eindig met die herleefde Romeinse Ryk, vernietig is. Hoe? Daniel verdui-

delik só aan koning Nebukad-nésar:

U het gekyk totdat daar sonder toedoen van *mensehande* 'n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het. Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyn-gestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het (Daniël 2:34-35).

Die klip wat die wêreldse ryke verslaan het, het die toekomstige Koninkryk van God verteenwoordig. Soos Daniël verklaar het: “Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan” (Daniël 2:44).

Hierdie finale regering wat sal kom en wat deur die klip uitgebeeld word, sal nie maar net nog een van die mens se vele eksperimente van self-regering wees nie – hetsy dit sosialisme, kommunisme, fascisme, monargie, demokrasie of enige van die ander

vorms van regering wees wat die mensdom uitgedink het nie.

Wat hulle regeringsvorm ookal is, leef vandag se nasies die weg van dieselfde soort selfsugtige mag wat tot die Derde Wêreldoorlog en die Groot Verdrukking, waarvan Jesus in Mattheüs 24:21-22 gepraat het, sal lei!

Die goeie nuus is dat die toekomstige wêreldregering, wat deur die klip uitgebeeld word en wat “sonder toedoen van mensehande losgeraak” het, *alle* mense en nasies sal bevoordeel. Daardie regering word die Koninkryk van God genoem! Die Heerser van daardie Koninkryk sal Jesus Christus, die Koning van die konings en die Here van die here wees – die Een wat weet hoe dit is om mens te wees. Die Een wat Sy bloed gestort het sodat ons sondes vergewe kan word.

Onthou hoe Johannes die Doper van die Messias, Jesus Christus, in Johannes 1:29 getuig het: “Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!” Ja, hierdie toekomstige wêreldheerser sal 'n liefdevolle, medelydende Koning wees. Hy sal egter ook die mag hê om 'n einde aan onderdrukking, opstand, ongeregtigheid en oorlog te maak. Die profeet Jesaja gee aan ons hierdie inspirerende boodskap oor die toekomstige wêreldregering: “Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word

genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevoers – tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde” (Jesaja 9:6-7).

'n Regering van ware vrede

Dank God vir Sy liefdevolle soort regering wat wêreldvrede vir alle nasies sal verseker! Die wêreld sal 'n universele regstelsel hê ten einde goddelike vryheid te verseker. Let op wat sê Miga 4:2: “En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.”

Jerusalem, die stad van konflik in ons dag en tyd, sal uiteindelik sy naam as stad van vrede gestand doen. Regoor die wêreld sal voormalige verdedigingsnywerhede wat militêre wapens vervaardig, in bedrywe van vrede omskep word. Christus sal oorlogsugtige volke en nasies bestraf. Die wapens van oorlog sal in instrumente van vrede en produktiwiteit verander word. Sommige van u wat hierdie artikel lees, het dalk al die beeldhouwerk van 'n man wat 'n swaard in 'n ploegskaar omskep, in die tuin van die Verenigde Nasies in New York gesien. Stel u voor hoe die wêreld sal verander van destruktiewe metodes tot produktiewe metodes, soos wat ons in Miga 4:3 lees: “En Hy sal oordeel tussen baie volke en regsprek

vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meersal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.”

Wie sal Christus help om oor die nasies te regeer en daardie vrede te vestig? Die apostel Petrus het Jesus een keer gevra watter verantwoordelikhede hy en sy mede-apostels in die toekomstige tyd sal hê. In Mattheüs 19:28 lees ons van die Messias se antwoord: “En Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel.”

God se regering sal georganiseer wees en daar sal getroue goewerders, konings en priesters wees. Wie sal ook vir Christus help om oor die wêreld te regeer? In ons gratis inspirerende boekie, *Die Wêreld van Môre: Hoe sal dit daar uitsien?* skryf dr. Roderick Meredith in verband met die organisasie van God se Koninkryk:

Wie sal onder Christus heers? God het Abraham verseker opgelei vir 'n posisie van hoë verantwoordelikheid in die wêreld wat voorlê. Die Skrif noem Abraham 'die erfgenaam van die wêreld' (Romeine 4:13). Ja, God sal Abraham

vir sy geloof beloon deur aan hom 'n posisie van diens oor die hele aarde te gee!

In Eségiël 37:15-28 toon God dat Hy Israel en Juda weer sal herenig. Wat hierdie twee nasies betref, sê Hy: “En Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Israel; en een Koning sal vir hulle almal koning wees; en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en verder nie meer in twee koninkryke verdeeld wees nie” (vers 22) (bl. 6).

Soos wat ons in Handeling 13:22 lees, was die antieke koning Dawid 'n man na God se eie hart. Dawid het oor die gekombineerde koninkryke van Juda regeer en hy en Israel sal weer daardie verantwoordelikheid in die toekomstige wêreldregering hê (Eségiël 37:24). Indien u nie 'n eksemplaar van hierdie gratis inligtingsbron, *Die Wêreld van Môre: Hoe sal dit daar uitsien?* het nie, kan u ons gerus kontak by u naaste streekkantoor, soos gelys op bladsy 2 en u eie eksemplaar aanvra.

U rol in die wêreld van môre!

Ons kan dus verwag dat vername Bybelse toonaangewende persone soos Abraham, Isak, Jakob en Dawid, posisies in die toekomstige een-wêreldregering van God sal hê, maar wat van u? Sal vandag se Christene ook die Koninkryk

beërwe? Wat sal hulle rol in daardie Regering wees?

Jesus Christus het aan sy getroue volgelingen gesê dat hulle die aarde (Mattheüs 5:5) en die Koninkryk sal beërwe (Mattheüs 25:34).

Waar sal die heiliges, die getroue Christene, dien en heers in die Koninkryk? Openbaring 2:26 vertel aan ons dat diegene wat in hierdie lewe met Christus se hulp die sonde oorwin, gesag gegee sal word oor die nasies in die toekomstige wêreld. Openbaring 5:10 getuig ook: “... en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.”

Ja, u kan 'n persoonlike en intieme aandeel in God se Koninkryk hê! God roep mense uit alle nasies na Christus om in Sy Koninkryk te wees. Die een-wêreldregering kom binnekort. U behoort daarvoor voor te berei. Bestudeer u Bybel. Visualiseer die veranderde wêreld onder die Koning van die konings.

Die glorieryke Koninkryk van God op aarde sal soveel skoonheid en produktiwiteit voortbring soos wat die wêreld nog nooit beleef het nie. God het die aarde geseën met ontsagwekkende, majestueuse berge, vrugbare valleie en produktiewe vlaktes. Ons verwonder ons aan die ongerepte mere en woelende oseane. Ons waardeer die verskeidenheid blomme, plantlewe, voëls, diere en seelewe. Selfs die natuur sal nog mooier word in die wêreld van môre

Vervolg op bladsy 26

Keerpunte in wêreldgeskiedenis

“’n Seën vir all nasies”

Deur Douglas Winnail

Waarom het sommige nasies op 'n spesifieke tydstip tot stand gekom en voorspoed bereik terwyl ander nasies heeltemal primitief gebly het en in armoede vasgeval het? Hoe het die klein Brittanje daarin geslaag om 'n wêreldryk te word en waarom het Amerika die grootste nasie op die aarde geword? Waarom word Australië die “Gelukkige Land (Lucky Country)” genoem en waarom het Suid-Afrika en die ander Britse gebiede ontwikkel en floreer, terwyl ander nasies steeds sukkel om te ontwikkel?

Vrae soos hierdie gee leiers en geleerdes al vir lank hoofbrekens – soos die geskiedkundige, Davis Landes, wie se werk *The Wealth and Power of Nations: Why Some Are Rich and Some Are Poor* op hierdie vraag fokus. Die Bybel bevat egter belangrike antwoorde op hierdie interessante vrae – antwoorde wat grotendeels afwesig is in akademiese handboeke en byna gladnie deur wêreldleiers verstaan word nie. Die opkoms van wat genoem word “die Anglosfeer” – Brittanje, Kanada, Australië, Nieu-Seeland, Suid-Afrika en Amerika – was *nie per ongeluk* nie. Die Bybel openbaar dat God besig is om Sy plan op hierdie aarde uit te werk (Daniël 2:21) en daar is geprofeteer dat hierdie nasies van Britse afkoms 'n belangrike rol sou speel in hierdie Godverordende plan, wat 'n kragtige impak op die hele

wêreld sal hê.

Die Goddelike plan

Die begin van daardie plan word in die boek Génesis gevind, in 'n merkwaardige reeks profetiese beloftes wat God aan Abraham en sy nageslag gemaak het. In Génesis 12:1-3 is aan Abraham vertel dat indien hy aan God gehoorsaam sou wees, hy 'n groot nasie en 'n seën vir alle nasies sou word. In Génesis 17:1-8 was Abraham belowe dat hy die vader van baie nasies sou word. As gevolg van sy gehoorsaamheid het hierdie beloftes *onvoorwaardelik* en nog meer omvattend geword. Nog later is aan hom vertel dat sy nageslag “soos die sterre van die hemel” sou vermenigvuldig en hulle sou die poorte van hulle vyande besit (Génesis 22:16-18; 24:60). Daar is geprofeteer dat sy nageslag oor die wêreld sou versprei en aan Abraham is gesê dat alle nasies “in sy saad” geseënd sou wees (Génesis 28:14-15). In Génesis 35:9-10 is die naam van Abraham se kleinseun Jakob na Israel verander (sy afstammeling sou die Israeliete wees) en in Génesis 48:14-22 is geprofeteer dat Josef se twee seuns, Manasse en Efraim, Jakob se kleinseuns, 'n groot nasie (Manasse) en 'n menigte [gemenebes] van nasies (Efraim) sou word. Ons gratis boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*, verduidelik hoe die volke van die

“Anglosfeer” hierdie wonderlike spesifieke profesieë vervul het en dat hulle die moderne nasies is wat van Abraham deur Josef afgestam het.

Die impak van die “Anglosfeer”

Waarom het God toekoms van die nageslag van Abraham, Isak en Jakob laat opteken terwyl die apostel Paulus meld dat die nasies van die wêreld *geestelik* geseën sal word deur Abraham se saad, Jesus Christus? (Galásiërs 3:8, 16). Die geskiedenis toon aan hoe Abraham se ander afstammeling ook op baie maniere 'n seën vir baie nasies van die wêreld was.

In Exodus 19:5-6 lees ons dat die Israeliete, (afstammeling van al twaalf seuns van Jakob), 'n “spesiale” volk moes wees omdat die Wette van God aan hulle gegee is wat hulle sou onderskei van ander nasies (Exodus 20-23). God het beplan dat die Israeliete 'n *modelnasie* moes wees wat voordeel kon trek uit die seëninge wat van Hom sou uitvloei op die gebiede van gesondheid, voorspoed, vrede en geluk, indien hulle gehoorsaam aan Sy Wette was. Dit sou 'n aanduiding wees in die oë van ander nasies dat die Israeliete “wys” was (Deuteronomium 4:1-9; 6:17-18; 7:12-15). Jesus het soortgelyke opdragte aan Sy dissipels gegee soos om 'n “lig” vir die wêreld te wees (Matthéüs 5:14-16). Alhoewel die ou Israeliete hulle

uiteindelik van God en Sy Wette gedistansieer het en in ballingskap verdwyn het, het dit nie die profesieë en onvoorwaardelike beloftes van toekomstige grootheid en seën vir ander nasies ongeldig gemaak nie.

Talle menings is al uitgespreek om die sogenaamde “wonderwerk van die Weste” te verklaar – 'n gebeurtenis wat die opkoms van die nasies van Britse afkoms, veral Brittanje en Amerika insluit. Die geskiedkundige Jonathan Daly het 'n lys van hierdie menings in sy werk, *Historians Debate the Rise of the West* gemaak. Terwyl hierdie spekulatiewe menings die rol van geografie, klimaat en selfs geluk die krediet gee, word die Bybelse profesieë, wat die opkoms van die Israelitiese nasies tot wêreldwye voorrang voorspel het, na 'n verloop van 2,520 jaar vandag oor die hoof gesien (sien *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* Wat ook deur die meeste vooruitstrewende geleerdes oor die hoof gesien word, is die rol van die Judeo-Christelike morele waardes in die skepping en vorming van die unieke kultuur van die nasies van Britse afkoms.

Nuwe uitvindings, idees en waardes

Sommige navorsers is van mening dat die ontploffing van wetenskaplike en tegnologiese vooruitgang in die Weste die gevolg was van 'n denkwysie wat deur 'n unieke benadering tot die Skrif in Noordwes-Europa bevorder is, waar die invloed van die Judeo-Christelike kultuur oorheers het: Dat God “die intelligente Ontwerper van 'n rasonale heelal”, die heelal geskep het om te funksioneer volgens wette wat ontdek kon

word en dat dit die plig van “Christene” was om te leer hoe om die ontdekkings toe te pas ten einde die lewens van mense te verbeter. (Sien *How the West Won*, Rodney Stark, bl. 5, 315-317). Hierdie benadering en ander belangrike faktore, het die Industriële Rewolusie in Engeland aan die gang gesit. Daardie “rewolusie” het sekerlik baie probleme aan??vir gesinne en die samelewing gebring maar verseker ook baie verrassende voordele en het “'n era van geweldige en ongelooflik vin-nige vooruitgang begin” met die ongekende ontwikkeling van arbeidsbesparende tegnologie. Vernuwings wat gevolg het was: Die opkoms van krag, stoombote, spoorweë, elektriese gloeilampe, telefone en uiteindelik rekenaars, medisyne en vordering in begrip van die oordrag van siektes, wat mense regoor die hele wêreld bevoordeel het en waarlik ons moderne wêreld geskep het (Stark, bl. 325-337; Daly, bl. 23-26). Dit is interessant is dat 80 tot 90% van alle Nobel-pryse in wetenskap en ander velde vir werk wat die lewens van miljoene mense verbeter het, aan individue in die Verenigde State en die Verenigde Koninkryk toegeken is.

Terwyl die nasies van die “Anglosfeer” 'n gemeenskaplike taal en soortgelyke instellings deel, is baie daarvan *algemene kulturele waardes*. Dit sluit in soortgelyke idees van reg en verkeerd, individuele vryheid, die gesag van die reg, gewaarsborgde eiendomsregte, respek vir die lewe van die mens as 'n skepping van God, 'n Bybelse benadering tot die huwelik en gesin, die belangrikheid van God-georiënteerde onderwys, die idees oor vooruitgang, die vryheid van vernuwing en die

besorgdheid vir ander mense soos vir 'n mens self – wat gebaseer is op Bybelse idees en fundamentele aspekte van die Westerse beskawing. Soos wat die invloed van die nasies van Britse afkoms oor die hele wêreld versprei het (met inbegrip van die vertaling en verspreiding van Bybels), het hierdie waardes ook burgerregte en kulturele waardes van baie ander nasies op voordelige wyses beïnvloed (Daly, bl. 7, 13, 25; Stark, bl. 339-355). Dit was die nasies van die “Anglosfeer” wat die pogings gelei het om die wêreldwye slawehandel uit te skakel, Europa en die nasies van die Stille Oseaan bevry het van tirannie tydens die Tweede Wêreldoorlog en gehelp het om die “Ystergordyn” van Oos-Europa te lig.

Die opkoms van die nasies van Britse afkoms regoor die hele wêreld het daartoe bygedra om antieke Bybelprofesieë te vervul en was 'n *keerpunt* wat die verloop van die wêreldgeskiedenis dramaties verander het. Die nasies van die “Anglosfeer” was in staat om die gesondheid en voorspoed van ontelbare miljoene mense regoor die aarde positief te beïnvloed – deurdad hulle hulle materiële seëninge vrylik gedeel het asook deur die verspreiding van sekere Judeo-Christelike morele en kulturele waardes. Ten spyte van hulle baie onvolmaakte getuig die geskiedenis daarvan dat hierdie nasies 'n belangrike rol gespeel het in die fisiese vervulling van God se woorde aan Abraham dat “in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word” (Génesis 12:3) – 'n belofte wat binnekort *volledig* vervul sal word met die Wederkoms van Jesus Christus. **W&M**

Aborsie: Die ware storie

Deel 2

Deur Gerald E. Weston

In die vorige uitgawe van die *Wêreld van Môre* het ons 'n paar van die komplekse kwessies rakende aborsie ondersoek. Ons lees hoe dr. Bernard Nathanson, Lawrence Lader en andere, aborsie op misleidende wyse op aanvraag aan Amerika en groot dele van die wêreld verkoop het. Ons het dr. Nathanson se bekentenis geles en hoe hy en andere vervalste opgeblaaide statistiek aan die media gevoer het omtrent die aantal aborsies wat in agterkamers uitgevoer is en die gevolglike sterftes, met die doel om simpatie vir aborsie met toestemming aan te moedig. Ons het gesien hoe die media die waarheid verdraai en die feit onderdruk het dat 'n groot persentasie Amerikaners wél teen aborsie gekant is. Dit geld veral vir millenniales – dié wat ongeveer tussen die ouderdomme van 18 en 35 jaar oud is – maar mens sou dit nooit weet nie, want dit word geheim gehou agter die rookskerm van die linksgesinde media se vooroordeel.

Ons het ook kennis geneem daarvan dat sommige van die mees uitgesproke pro-aborsioniste later van kant verander het om leiers in die pro-lewe-beweging te word. Onder hulle was dr. Nathanson en Norma McCorvey – of te wel Jane Roe, van die *Roe versus*

Wade Hooggeregshof-besluit om aborsie te wettig. Carol Everett, wat op een stadium vyf aborsieklinieke bedryf het, is nou uitgesproke teen die aborsiebedryf; en die voormalige aborsiedoktor, dr. Anthony Levatino, het ook van kant verander.

Ons het ook opgemerk dat geldelike gewin 'n dryfveer in die aborsiebedryf is, maar ook – net so belangrik – dat baie mense gemotiveer word deur 'n misleide idee dat hulle vroue help. Vooroordeel teen God en godsdienstige mense dra tot 'n verdraaide wêreldbeskouing by.

Voordat ek hierdie onderwerp in meer besonderhede ondersoek, wil ek die leser daaraan herinner dat nie hierdie artikel of die een wat dit voorafgegaan het, bedoel is om enigiemand te veroordeel nie. Ons doel is om kennis oor te dra en te wys dat daar hoop is. Dit sou nogtans verkeerd wees om te sê dat aborsioniste, diegene wat aborsies gehad het en diegene wat die praktyk ondersteun of versuim om te praat wanneer dit gepas is om dit wel te doen, sonder skuld voor God is. Aborsie is moord! Selfs moord kan vergewe word en daar is hoop en vryskelding van skuld soos wat ons later in hierdie artikel salsien.

Verandering van kante

Kom ons kyk meer in diepte na die verhale van mans en vrouens wat voorheen pro-aborsie was, maar wat tot 'n ontnugtering gekom het en pro-lewe geraak het. Laat ons sien dat daar wel hoop vir die aborsionis is sowel as vir diegene wat 'n besluit geneem het waarvoor hulle later bitter berou gekry het, hetsy dit 'n besluit was om aborsies uit te voer, om 'n aborsie te hê of om aborsie aan te moedig. Die verhale van diegene wat van opinie verander het van om lewens te beëindig na lewens te red, is verskillend, maar almal is fassinerend.

Linda Couri het op 24-jarige ouderdom 'n aborsie gehad en was verlig dat haar probleem verdwyn het – of so het sy gedink. Sy het aangehou om vir *Planned Parenthood* te werk en het gedink dat sy die simpatieke ding gedoen het deur berading aan jong vroue te verskaf. Nadat 'n bevreesde 16-jarige haar die vraag gevra het: “Is dit 'n baba?” was daar 'n stryd binne-in haar. Behoort sy die waarheid te vertel?: “Ja, natuurlik is dit 'n baba” (haar eie woorde) of behoort sy 'n eerlike, maar misleidende antwoord te gee: “Dit is die produk van konsepsie”? Sy het die toepaslike telefoonnommer gegee, maar moes gerusstelling by 'n kollega kry dat wat sy gedoen het, reg was.

Daar was 'n stryd binne-in haar. Daar was ook ander voorvalle wat haar skuldig laat voel het en elf jaar na haar eie aborsie het sy besef dat sy 'n verskriklike fout begaan het.

Dr. Anthony Levatino was mede-eienaar van wat op een tydstip die enigste *OB-GYN* kliniek in verskeie distrikte in die staat New York was, wat D&E (*Dilation and Evacuation* of te wel *Verwydering en Skoonmaak*) aborsies vir tweede trimester babas uitgevoer het. Sy ontnugtering het gekom toe sy eie jong aangenome dogter deur 'n motor getref is en gesterf het. Daardie verskriklike tragedie was 'n skokkende ontnugtering. Hy het die verband tussen sy werk by die kliniek en die waarde van 'n menslike lewe gesien. Hy het besef dat hy op die verkeerde pad was en het dus daarvan afstandgedoen.

Hierdie verhale en dié van ander het almal 'n paar dinge in gemeen. Hulle wêreldbeskouings oor die kwessie van aborsie was byvoorbeeld gevorm en geskaaf deur die kultuur en media rondom hulle. Soos aangehaal in my vorige aflowering oor hierdie onderwerp, het Levatino dit só verduidelik: “Almal in die aborsiebedryf weet dat almal wat by die pro-lewebeweging betrokke is, eksentriek is. Ek weet, want CNN vertel dit vir my en hulle sal nooit leuens vertel nie”.

Baie mense mislei hulleself ook deur te glo dat hulle die simpatieke ding doen. *ProLife Action.org* het Levatino se bekentenis in hierdie verband

aangehaal:

Ek het baie keer van ander verloskundiges gehoor: Wel, ek is nie regtig pro-aborsie nie, ek is pro-vrou. Hoeveel keer het u al daardie een gehoor? Die vrouegroep in hierdie land is nie alleen nie. Hulle het egter 'n baie goeie werk gedoen deur die konsep aan die bevolking te verkoop, naamlik dat om op een of ander manier 'n lewe te vernietiging, pro-vrou is. Baie verloskundiges gebruik egter daardie verontskuldiging vir selfregverdiging en ek kan vir u sê dat baie van hulle dit glo. Ek het ook. Dit is nie moeilik om daarvan oortuig te word nie.

Linda Couri het uit daardie wêreldbeskouing gekom. Ons mag 'n afsku hê aan die vernietiging van die menslike lewe in die baarmoeder maar ons moet verstaan hoe dit kan wees dat baie mense gereeld gedurende die dag aan hierdie aktiwiteit deel het en nog steeds snags kan slaap. Hulle opvoeding tydens hulle kinderjare het 'n sterk wêreldse waardesisteem ingesluit. Dit is insiggewend om te lees hoe me. Couri haar vroeëre lewensbeskouing beskryf het tydens 'n 2012 konferensie wat genoem is *“CONVERTED: From Abortion Provider to Pro-Life Activist”*:

As jongmens het ek regtig meer waarde aan

vryheid geheg as enigiets anders ... Ek het ook godsdiens, veral Christelikeheid ... as regtig wreed en dom beskou. Ek het mense wat van my verskil het as veroordelend, saai, oppervlakkig en anti-intellektueel beskou. Ek wou dus glad nie naastenby soos hulle wees nie. Ek het gedink hulle is nogal pateties. Ek wou nie eens hulle menings oorweeg nie. Vir my het dit gelyk of godsdiensmense nie betrokke was in wat ek as “die regte wêreld” beskou het nie. Godsdienstige mense was in 'n soort vreemde fantasiewêreld. Nie net pro-lewe mense nie, maar alle godsdiensmense was wat my aanbetref, eksentriek. Dit is dus die soort van lewenspatroon waaruit ek kom.

Nog 'n oorloper

Kathi Aultman, M.D., het op 15 Maart 2016 voor 'n Senaat Regsbankkomitee teen aborsie getuig. Dr. Aultman was nie altyd teen aborsie nie. Sy het persoonlik eerste en tweede trimester aborsies uitgevoer en het sêlf een gehad. Sy het in die aborsiebedryf gekom met 'n soortgelyke wêreldbeskouing as dié van Linda Couri. Hier is haar aangetekende bekentenis:

Teen die tyd wat ek by die mediese skool ingeskryf het, het ek geglo dat die beskikbaarheid van

aborsie op aanvraag 'n kwessie van vroueregte was. Ek het gevoel dat 'n vrou beheer oor haar liggaam het en nie gedwing behoort te word om 'n kind te dra wat sy nie wil hê nie. My betrokkenheid tot vroue-probleme is versterk omdat ek blootgestel was aan die diskriminasie wat daar aan die orde van die dag by die mediese skool en residensie was op daardie stadium en aan die lot van die behoeftige vroue wat ons in ons program gedien het. Ek het ook geglo dat dit verkeerd was om ongewenste kinders in 'n oorbevolkte wêreld in te bring waar hulle waarskynlik verwaarloos of mishandel sou word.

Sy het verder aan die komitee verduidelik hoe sy opleiding ontvang het vir verwydering *en skoonmaak* [dilation-and-evacuation] om tweede trimesterprosedures uit te voer. Sy het verduidelik, “die fetus is doodgedruk en in stukke verwyder”. Om ten volle te verstaan wat in haar getuienis gevolg het, wil ek na my vorige artikel terugverwys waar ek aangehaal het uit die *Baby Centre*, 'n gewilde V.K. webwerf wat week vir week die ontwikkeling van bevrugting tot geboorte beskryf. Dit beskryf week tien:

U baba is nou amptelik 'n fetus! Hy/Sy is gereed vir

groei en sal binne die volgende drie weke meer as verdubbel in grootte. U baba sluk en skop nou en al sy/haar belangrikste organe is ten volle ontwikkel. Bykomende fynere besonderhede raak ook sigbaar, soos vingernaels en 'n bietjie donsige haartjies op sy/haar haar koppie. U baba se geslagsorgane begin nou wys. Met u beplande skandering wat binnekort behoort plaas te vind, sal u dalk kan sê of u 'n seuntjie of 'n dogtertjie gaan hê (“*Your Pregnancy at 10 Weeks*”. *BabyCentre.co.uk*, November 2016).

Die tiende week is nog steeds die eerste trimester. Wanneer dr. Aultman dus van die tweede trimester praat, werk sy met 'n baba wie se belangrikste organe ten volle ontwikkel is. Hier is meer van haar verrassende getuienis voor die Amerikaanse Senaat:

Na elke prosedure moes ek die weefsel noukeurig ondersoek om seker te maak dat geen liggaamsdeeltjies oorgebly het wat infeksie of bloeding sou kon veroorsaak nie. Ek was gefassineerd deur die klein, maar perfek gevormde ingewande, niertjies en ander orgaantjies en ek het dit geniet om hulle wonderlike sellulêre detail onder die mikroskoop te bekyk. Ek besef dit is moeilik om te dink dat

iemand dit kan doen en so onbetrokke kan wees, maar as gevolg van my opleiding en kondisionering was 'n menslike fetus glad nie anders as die kuiken-embrio's wat ek in die kollege ontleed het nie. Ek kon hulle met streng wetenskaplike belangstelling bekyk, sonder enige emosies waarmee ek normaalweg na 'n baba sou kyk. Ek was nie harteloos nie. Ek was net opgelei om hierdie dinge te kompartementaliseer. Wanneer 'n vrou wat 'n miskraam of stilgeboorte beleef het, ingekom het en sy wou die baba gehad het, was ek saam met haar ontsteld en het haar pyn gevoel. Volgens my denkpatroon het die verskil daarin gelê of die baba gewens of ongewens was.

Net soos andere, het dr. Aultman egter haar eie gewetenskrisis beleef: “Ek het persoonlik geen besorgheid of berou oor die aborsie gehad nie tot na ek my eerste kind gehad het. Dit was toe dat ek getreur het oor die kind wat kon gewees het”. Sy noem drie verskillende voorvalle na die geboorte van haar kind wat vir haar die verband tussen 'n fetus en 'n kind laat raaksien het. Sy het toe eers sover gekom om die betrokke menslike lewetjie te waardeer.

Hierdie voorbeelde is nie geïsoleerd nie. Dr. Aultman het getuig: “Ek het later agtergekome

dat min dokters vir baie lank aborsies kan doen ... Alhoewel baie mense 'n aborsie beskou as net die verwydering van 'n massa weefsel, weet die aborsionis presies wat hy of sy doen omdat hulle die liggaamsdeeltjies na elke prosedure moet tel. Uiteindelik sink die waarheid in en as hulle 'n gewete het, kan hulle dit nie meer doen nie”.

Die generasie van die milleniums is tans, volgens 'n aantal meningspeilings, die mees pro-lewe van alle groepe, maar hulle kyk nie hierna vanuit 'n godsdienstige oogpunt nie. Te danke aan tegnologie wat ons in staat stel om op 'n vroeë stadium in die baarmoeder in te kyk, het hulle sonder dat hulle dit besef, tot dieselfde gevolgtrekking gekom as 'n koning van ouds wat die Goddelike vir die wonder van lewe geëer het: “Want Ú het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef. Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke! En my siel weet dit alte goed” (Psalm 139:13-14).

Verwerking van die trauma

Die Bybel vee nie die lewens van sy helde skoon nie – dit word eerlik op sy bladsye weergegee. Ons leer van God se denke en van Sy deernis wanneer ons na hulle lewens kyk. Twee individue is prominent as voorbeelde van God se liefde, deernis en gewilligheid om enigiemand te aanvaar wat werklik berou het oor foute van die verlede. Die eerste een is 'n man met die naam Saulus, wat die nuutgestigte Christelike Kerk wreed

vervolg het.

Saulus, wie se naam uiteindelik na Paulus verander is, het 'n bekentenis gemaak oor die soort man wat hy voor sy oomblik van waarheid was. “[E]k het baie van die heiliges in gevangenis opgesluit, nadat ek van die owerpriesters volmag verkry het; en so dikwels as hulle omgebring is, het ek my toestemming gegee. En in al die sinagoges het ek hulle dikwels gestraf en gedwing om te laster; en ek het uitermate teen hulle gewoed en hulle vervolg, selfs tot in die buitelandse stede” (Handelinge 26:10-11). Wat het die transformasie wat in Saulus se lewe plaasgevind het, teweeg gebring?

Saulus het op die grond neergeval en was deur 'n groot lig verblind op pad na Damaskus. Hy kon vir drie dae nie sien nie. Aan die einde van daardie tyd het God vir Ananias gestuur om te bid en hom die hande op te lê. “En dadelik het daar iets soos skille van sy oë afgeval, en hy kon onmiddellik weer sien; en hy het opgestaan en is gedoop” (Handelinge 9:18). Hy het van daardie dag af opgehou om die Kerk te vervolg en het 'n ywerige dienskneg van Christus geword.

Israel se koning Dawid van ouds staan ook uit as iemand wat ernstige sondes gepleeg het. Hy het toegelaat dat hyself in egbreuk betrokke raak en het daarna probeer om dit met leuens en moord te bedek. Sy oomblik van waarheid het aangebreek toe die profeet Nathan hom gekonfronteer het oor hierdie laakbare gedrag (2

Samuel 12).

Dawid het tot die besef van die erns van sy sondes gekom, hy het dit bely en diep berou daarvoor gehad. Psalm 51 bevat sy gebed van bekering tot God. Hy het besef dat niks wat hy kon doen, sy vorige dae sou kon verander nie. Hy het besef dat offergawes en boetedoening as 'n manier om die lei skoon te vee van die sonde vir God niks sou beteken nie. Hy skryf: “Want U het geen lus in slagoffer nie, anders sou ek dit gee; in brandoffer het U geen behae nie. Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!” (Psalm 51:18-19).

Dawid het besef hoe hulpeloos hy was en dat slegs God die vlek van sonde kan verwyder. Nog een van sy psalms beklemtoon die punt: “Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie” (Psalm 32:1-2).

Laastens het God aan ons die gawe van Sy Seun gegee, wat 'n duidelike pad na vryheid van die skuld van sonde bied. Soos die apostel Petrus verduidelik: “... julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos” (1 Petrus 1:18-19). Die apostel Johannes vertel aan ons: “As ons ons sondes bely, Hy is

getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig" (1 Johannes 1:9).

Bernard Nathanson het 'n belangrike rol gespeel om die idee van permissiewe aborsie in Amerika te laat posvat. Hy het nederig begin en het 'n finansiële ryk op 'n moordbedryf gebou wat volgens sy eie berekening, direk of indirek, verantwoordelik was vir die beëindiging van sowat 75,000 klein lewetjies. Hy het nogtans die laaste jare van sy lewe daaraan gewy om die besluit waarin hy so instrumenteel was om te keer – 'n besluit wat hy erken het op leuens en misleiding gebaseer was en die verspreiding daarvan waaraan hy deel gehad het. Nathanson het as 'n Jood grootgeword en homself as 'n ateïstiese Jood beskryf. Hy was 'n man wat deur sy skuldgevoel geteister was en tien jaar nadat hy 'n pro-lewe-voorstander geword het, het hy vergifnis gesoek deur 'n belydende Christen te word.

Carol Everett, Norma McCorvey, Linda Couri en baie, baie ander mense het die lig gesien. Vir dokters Nathanson, Levatino en Aultman het die "skille van hulle oë afgeval". Vroue het begin om bitterlik berou te hê oor besluite wat in die verlede geneem is. Mans het ook berou gehad oor hulle bydrae om vroue onder druk te plaas om die lewetjies wat hulle gedra het te vernietig. Bo en behalwe aborsie, is dit vir ons almal belangrik om *ons eie sondes* te herken en om te weet dat 'n liefdevolle God *gewillig is om te vergewe*.

Ons almal neem slegte besluite, maar wat ons doen nadat ons ons foute erken het, is die belangrikste. Nadat Paulus besef het dat die rigting wat hy gevolg het, eintlik die verkeerde pad was, het hy berou gehad en is gedoop. Die Bybelse verhaal wys ons dat sy vorige skuld vergewe is. Net so het koning Dawid, ten spyte van sy verskriklike sondes, berou gehad en is vergewe. God sal dieselfde

doen vir enige een van ons. Dit maak nie saak hoe vreeslik ons keuses ookal was nie, God *sal* ons vergewe as ons Sy oplossing vir die probleem nastreef!

Indien u berading wil hê, skryf aan ons of skakel u streekkantoor soos gelys op bladsy 2 en ons sal u in kontak bring met 'n leraar wat omgee. Moenie met onopgeloste skuld leef indien daar 'n oplossing is nie. Leer meer oor die groot potensiaal wat God vir u in gedagte het. Indien aborsie moontlik deel van u verlede is of nie, ons het drie gratis hulpbronne wat u nuttig mag vind: Twee boekies, *Behoort u Gedoop te word?* en *U uiteindelige Lotsbestemming*, asook ons beeldsending met die titel "*Tiny Fingers and Toes*". Dit kan gevind word by *Tomorrows World.org*. U kan ook eksemplare van ons boekies vanaf u naaste streekkantoor bestel. Alles wat ons aanbied is gratis.

WWM

Behoort u Gedoop te word?

Wat sien u as u na uself kyk? Hoe dringend het u God se vergifnis nodig? Het u werklik 'n Verlosser nodig?

U was moontlik al as kind gedoop, miskien selfs as baba. U onthou dalk nie eers meer die gebeurtenis nie. Is u doop werklik geldig en aanvaarbaar in God se oë? Hierdie is werklik 'n belangrike vraagstuk, aangesien u ewige lewe van die antwoord afhang!

Skryf in of skakel ons vandag nog om u eie kopie van hierdie uiters noodsaaklike boekie te bekom!

Die “dit is ons” effek

“Giftige manlikheid” of manlike leierskap

Deur Lawrence Taylor

Die afgelope twee jaar was daar 'n toenemende aanslag op die idee van goddelike manlikheid. Die begrip van wat manlikheid is en die noodsaaklikheid daarvan word voortdurend bespreek. Die laaste presidensiële veldtog het hierdie aanval na vore gebring. Dit was selfs deur sommige mense veroordeel as 'n aanslag teen vroue om *nie* vir die voormalige minister van buitelandse sake en die Amerikaanse presidentskandidaat Hillary Clinton *te stem* nie. Sedert die verkiesing het ekstremisme in krag en noodsaaklikheid onder baie mense binne die feministiese beweging toegeneem. Baie vroue word geleer dat mans die rede vir al hulle probleme is. Universiteite bied klasse aan in verband met die “giftigheid van manlikheid”. Dit is 'n les wat vir dekades lank verkondig is en ongelukkig is baie vroue tot hierdie saak “bekeer”.

Al hoe meer vroue het grootgeword waar hulle omring was deur invloede wat daarop dui dat hulle nie 'n man in hulle lewens nodig het nie. Selfs al het hulle wel 'n man in hulle lewens, word hulle voortdurend geleer dat hulle nie sy manlikheid hoef te respekteer nie en alles in hulle vermoë behoort te doen om dit te onderdruk. Baie jong mans word selfs ontmoedig om hulle Godgegewe rol as beskermer en leier van hulle huishoudings te vervul.

Nie volgens die draaiboek nie?

Gedurende dieselfde tyd was

daar egter 'n TV-program wat baie gewild was onder vroue. Ironies genoeg handel hierdie program nie oor 'n vroulike president, 'n vroulike superheldin of oor hoe boos mans is nie. Alhoewel sekerlik nie perfek nie, (watter TV-programme is deesdae?), probeer dit om vaders en huweliksmaats uit te beeld as die ware soort steunpilare van die gesin wat gereeld deur moderne feministe verkleineer en as onnodig beskou word. “*This Is Us*” is 'n NBC-dramareeks (die hoogste gegradeerde vertoning) wat die lewens van drie generasies van die Pearson-gesin uitbeeld. In 'n era waarin mans – veral heteroseksuele, getroude vaders – dikwels uitgebeeld word as sukkelende dwase of as beledigende of emosioneel afsydige figure, beeld die program die patriarg, Jack Pearson as 'n toegewyde, liefdevolle man en vader uit wat alles en enigiets opoffer vir die welsyn van sy gesin. Jack word uitgebeeld as die toonbeeld van die manlike leier van 'n huishouding. Hy is geliefd, gerespekteerd en sy vrou en hulle drie kinders is dol oor hom. Ons sou Jack selfs kon sien as 'n voorbeeld van die vader wat deur die apostel Paulus in Efésiërs 5 en 6 beskryf word. Hy is 'n man wat geduldig is, wat “sy eie vrou liefhet soos sy eie liggaam” (vergelyk. Efésiërs 5:28-29) en wat nie sy kinders vertoorn nie (Efésiërs 6:4).

Hierdie uitbeelding van 'n gesonde, liefdevolle vader wat die leier van sy gesin is, is welkom en verfrissend om te

sien. Indien ons in ons samelewing, al die “uiters feministiese” redenasies sou glo, sou dit voorkom asof die laaste ding wat baie Amerikaanse vroue in hulle lewens wil hê, 'n man is wat werklik die leier van sy huishouding is. Ironies genoeg, in hierdie era van anti-patriargie, pos miljoene vroue hulle bewondering en liefde vir die karakter van Jack Pearson in die *Twitter* en *Facebook* bladsye.

Dit lyk of hierdie karakter 'n oeroue behoefte in vroue wakker maak om 'n sterk manlike figuur in hulle lewens te hê – nie net as 'n eggenoot en vennoot nie, maar ook as 'n vader. In een episode pleit Jack se dogter by hom en sê: “Moet nooit ophou om te probeer om my myself te laat sien soos wat u my sien nie”. Een *Twitter*-volgeling het op hierdie toneel gereageer deur te *tweet*, “*#thisisus* vat die vader en dogter verhouding in een sin saam: *#joueersteliefdeisjoupa*”. Die sukses van hierdie vertoning onder vroue en hulle bewondering vir Jack Pearson, behoort 'n duidelike wekroep vir die media, opvoeders en politici te wees dat vroue nog steeds 'n sterk, liefdevolle man wil hê – en *selfs nodig het* – om hulle gesinne te lei en te beskerm.

Sulke reaksies op “*This Is Us* [Dit is ons]” illustreer, onbewustelik of nie, die wonderlike waarheid dat om 'n effektiewe, liefdevolle man en vader te wees, nie net verkieslik is nie maar dit is 'n God-ingestelde en uiters belangrike plig. **WVW**

Wat is vir Duitsland geprofeteer?

Deur Rod McNair

Duitsland het onbetwisbaar die invloedrykste nasie in Europa en een van die magtigste nasies in die wêreld geword. Kan Bybelprofesie ons inlig wat om te verwag wanneer Duitsland van die skaduwees van sy verlede wegdraai om die toekoms aan te durf? Wat wag vir hierdie groot nasie? Watter rol sal dit in die eindtyd speel? U behoort te weet!

Wat beteken die naam “Duitsland” vir u? Miskien dink u aan Duitse motors: BMW's of Mercedes-Benz sedanmotors, wat oor die wêreld bekend is vir hulle vakmanskap en ingenieursvernuf. Dalk dink u daaraan dat Duitsland in 2015 sy deure vir immigrante geopen het. Miskien dink u aan die Duitse nasionale voetbalspan (sokker vir ons Amerikaanse en Suid-Afrikaanse lesers) wat die Wêreldbeker-toernooi in 2014 gewen het. Vir ander mense kan die naam Duitsland dalk *Oktoberfest* beteken, wat bekend is vir kos, musiek en bier.

My oupa- en oumagrootjie het van Duitsland af gekom en het net voor die Eerste Wêreldoorlog na Amerika geïmmigreer. Ons het ons oumagrootjie liefgehad en het aangename herinneringe van besoeke aan haar en ander familieledes. Sy was altyd sag en vriendelik en het heerlike lekkernye gereed gehou vir wanneer ons ookal sou opdaag!

Daar is baie dinge wat ons van Duitsland kan bewonder. Tog is daar ook 'n donker kant. Indien u 'n geskiedeniskenner is, dink u dalk aan beelde van Adolf

Hitler en die Volksmoord. Beelde van doodskampe en swastikas sal vir ewig 'n vlek op die twintigste eeu wees. Sommige van u het moontlik die Nazi-kampe persoonlik besoek of dalk weet u van oorlewendes wat ongekende ellende in die hande van die Nazi's verduur het. Miskien het sommige van u dit self ervaar. So ongelooflik as wat dit mag klink, is daar sommige mense wat die Volksmoord ontken, ten spyte van oorweldigende getuienis deur ooggetuies wat uit die kampe bevry is en diegene wat die kampe oorleef het om die verhaal te vertel. Waarlik, daar is gruwelike dade in Duitsland se verlede.

Waarom behoort ons Duitsland vandag, in die een-en-twintigste eeu, te bespreek? Weens al die vordering oor die afgelope 70-plus jare, vir al die vrywaring van persoonlike vryheid wat vasgelê is in die Duitse grondwet is sommige mense diep bekommerd oor Duitsland. Ons behoort bekommerd te wees.

Na die Tweede Wêreldoorlog was Duitsland in twee verdeel, naamlik Wes-Duitsland

en Oos-Duitsland. Dit was so gewees tot 3 Oktober 1990, toe die twee lande weer herenig het. Die hereniging was egter nie 'n voorafbeplande gebeurtenis nie en dit was ook nie oral gunstig ontvang nie. Let op hierdie kommentaar uit die 1992-boek *The Germans, Who Are They Now?*: “[Nadat eenwording gekom het], het niemand dit verwag nie. Min mense het dit verwag en in die buiteland is dit nie met algemene goedkeuring begroet nie. In die Verenigde Koninkryk het die destydse premier, Margaret Thatcher, ernstige voorbehoude gehad. Sy het die mag van 'n verenigde Duitsland gevrees en het dit gesê ... Margaret Thatcher was duidelik bekommerd en het 'n konferensie by Chequers saamgeroep om die Duitse nasionale karakter te bespreek, maar nie sy of enige ander Westerse leier het enige mag gehad om die gebeure te verander nie” (Alan Watson. *The Germans: Who Are They Now?* 1992, bl. 11).

Is dit waar dat “niemand Duitsland se eenwording verwag het nie?” Geensins! In die vroeë twintigste eeu het

Herbert W. Armstrong – ons voorganger in hierdie werk – oor Duitsland geskryf en hoe hulle weer as 'n verenigde, kragtige reus sal opstaan. Hoe kon hy weet? *Dit is in Bybelprofesie geopenbaar!*

Die antieke volk van Assirië is die voorlopers van die moderne Duitsers. Terwyl u nie die naam “Duitsland” in die Bybel sal vind nie, sal u baie dinge vind wat vir Assirië voorspel is. Die doel van hierdie artikel is nie om die oorsprong van die moderne Duitsers te bewys nie. Vir verdere studie oor hierdie onderwerp, kan u skryf vir ons spesiale gratis aanbod: *Herrysende Duitsland: 'n Vierde Reich?* Ons sal in die volgende bladsye nog vier profesieë ondersoek wat in die eindtyd deur Duitsland vervul sal word.

Profesie #1: Duitsland sal Europa oorheers

Reeds in 2011 het die voormalige Duitse kanselier Gerhard Schröder 'n merkwaardige verklaring gemaak. Hy het gesê: “Die huidige [ekonomiese] krisis maak dit onteenseglik duidelik dat ons nie 'n gemeenskaplike valutasone kan hê sonder 'n gemeenskaplike fiskale beleid, 'n ekonomiese en maatskaplike beleid nie ... Ons sal nasionale soewereiniteit moet prysgee”. (Brian Rohan. *Former German leader calls for “United States of Europe”*, *Reuters.com*, 4 September 2011).

Dit is nou aan die gebeur. Nasies in Europa gee deesdae hulle soewereiniteit prys om die Europese Unie te laat werk. Die

Britte het die EU in 2016 verlaat omdat sommige van hulle nie daarvan gehou het nie! Wanneer almal egter hulle soewereiniteit prysgegee het, *is iemand in beheer*. Wie sal daardie iemand wees? Soos die koerant, *Irish Independent*, dit ook in 2011 gestel het, “[Aangesien Duitsland] die [finansiële] veiligheidsnet vir die hele eurosone voorsien, gaan niemand met hulle wat alles beheer argumenteer nie...” (“*Deutschland uber alles, we are all Germans now*”. *Independent.ie*, 21 Augustus 2011).

Sedertdien het ons gesien dat Duitsland sy mag in die middelpunt van die Europese Unie gekonsolideer het. Kanselier Angela Merkel is al Europa se mees indrukwekkende politikus en die magtigste vrou in die wêreld genoem. Sy is ook al beskryf as 'n politieke meesterbrein, wat “die Europese Unie as 'n middel tot 'n doel gebruik ... sukses behaal het waar Bismarck, Kaiser Wilhelm II en Hitler misluk het om 'n hele vasteland in 'n groter Duitse ryk te verander” (Dominic Sandbrook. “*Angela Merkel has made Germany master of Europe in a way Hitler and Kaiser Wilhelm only dreamt of. The implications are frightening*”. *DailyMail.co.uk*, 19 April 2013).

Duitsland se mag en prestige is regoor die hele wêreld aan die toeneem. In 'n Mei 2013-meningspeiling het Duitsland na vore getree as “die gewildste land ter wêreld”. (“*BBC poll: Germany most popular country in the world*”. *BBC.com*, 23 Mei 2013). In

Januarie 2016 het 'n peiling van *U.S. News & World Report*, lande volgens 75 kriteria ontleed. Weer is Duitsland as die wenner aangewys en benoem as “die beste land ter wêreld” (Jonathan Chew. “*This Country Was Named the Best in the World*”. *Fortune.com*, 20 Januarie 2016).

Duitsland is besig om 'n sentrale figuur in Europa en die wêreld te word. Sien ons die opkoms van die supermoondheid waarvan die apostel Johannes in die boek Openbaring gepraat het? In Openbaring 17 het Johannes 'n tydperk beskryf wat oor eeue sou strek – van die Middeleeue af tot vandag – waartydens agtereenvolgende ryke tot stand gekom en tot 'n val gekom het. Dit lees soos volg: “Hier kom die verstand wat wysheid het te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit. En hulle is sewe konings: vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly” (Openbaring 17:9-10). Johannes sê hier dat daar sewe leiers oor sewe opeenvolgende koninkryke sou wees. Wie was daardie leiers? Justinianus, wie die oostelike en westelike dele van die Romeinse Ryk in 556 n.C. verenig het; Charlemagne [Karel die Grote], wie in 800 n.C. gekroon is; Otto die Grote, wie as Heilige Romeinse Keiser in 962 n.C. gekroon is; Charles V in 1530 n.C.; Napoleon, wie se ryk in 1804 begin het en die Duits-Italiaanse alliansie, wat tot die Hitler-Mussolini-spilmoondhede

van die Tweede Wêreldoorlog geleidelik. Hierdie is die eerste ses van die sewe konings. Die laaste koning sal oor tien ander konings regeer net voor Jesus Christus se Wederkoms en sal teen die Seun van God probeer veg. “En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier” (Openbaring 17:12-13).

Hierdie tien konings – of tien politieke leiers – sal vrywilliglik hulle gesag oorgee aan een magtige leier wat die Bybel die *dier* noem. Sien ons vandag dat dit begin gebeur? Ons sien sekerlik nie die Diermondheid in sy finale vorm nie, maar sien ons die aanvangstadias van die fondament wat gelê word?

U mag dalk vra: Wat is daarmee verkeerd indien Duitsland 'n meer dominante rol op die Europese vasteland sou speel? Alles in ag geneem, is Duitsland dan nie een van Amerika se naaste bondgenote nie? Absoluut! Die Duitsers is die vriende van die Amerikaners – altans vir nou. Dit is egter goed om stil te wees en oor die feit ná te dink dat *slegs 70 kort jare gelede, Brittanje, Frankryk, Amerika, Kanada en 'n hele klomp ander nasies in 'n bittere lewe- en doodstryd met Duitsland en Italië gewikkel was*. U Bybel sê dit sal weer gebeur.

Profesie # 2: Duitsland sal herbewapen

Sedert die Tweede Wêreldoorlog het Duitsland beslis 'n anti-oorlogse houding en gesindheid gehad, soos wat hulle die gruwels van die verlede probeer afskud. Daardie ingesteldheid is egter besig om te verander. In 2014 het die Duitse minister van Ekonomie gevra vir “die vestiging van 'n EU-wapenbedryf met 'n sterk Duitse grondslag, onafhanklik van die V.S.A”. (*Driving Force for the EU Army*). *German Foreign Policy.com*, 8 Desember 2014).

Die Verenigde State verwelkom tans Duitsland se nuutgevonde begeerte om te herbewapen en sy militêre mag te laat geld! Op 22 Junie 2015, by die Allianz-forum in Berlyn, het die Verenigde State se Sekretaris van Verdediging, mnr. Ashton Carter, Duitsland se stappe geprys om 'n groter militêre leierskaprol te aanvaar. Hy het die Duitsers aangespoor om selfs meer geld in verdediging te belê en gesê Duitsland behoort “sy verdedigingsbesteding op te knap 'om te verseker dat Duitsland se verdedigingsbeleggings by Duitsland se leierskaprol pas” (Sheryl Pellerin. “*Carter Praises Germany's Security Role, NATO Unity*”. *Defense.gov*, 22 Junie 2015).

Natuurlik! Waarom sou die Amerikaners nie wou hê dat Duitsland meer van die las van sy eie verdediging deel nie? Die Verenigde State kan nie die hele wêreld polisieer nie. Amerika sit eerlikwaar met sy eie oorwel digende skuld opgesaal. Die Duitsers weet dat hulle nie op die

langtermyn op die Verenigde State kan staatmaak nie. Duitsland beweeg so na 'n sterker weermag.

Hoe is dit besig om te gebeur? Weereens gee die Europese nasies nasionale soewereiniteit prys en 'n magsvakuüm sal altyd gevul word. 'n Verslag wat deur die *Foreign Policy*-tydskrif gepubliseer is, het verduidelik hoe 'n groeiende aantal Europese lande besig is om sommige van hulle eie brigades by Duitsland se weermag, die *Bundeswehr* te laat inskakel:

Roemenië se 81ste Gemeganiseerde Brigade sal by die *Bundeswehr* se *Rapid Response Forces Division* aansluit, terwyl die Tsjeggiese 4th *Rapid Deployment Brigade*, wat in Afganistan en Kosovo diens gedoen het en as die Tsjeggiese Weermag se aanvalsmag beskou word, deel sal word van die 10de Pantserafdeling van die Duitsers. Deur dit te doen, sal hulle in die voetspore van twee Nederlandse brigades volg, waarvan een reeds by die *Bundeswehr* se *Rapid Response Forces Division* betrokke is en die ander een wat geïntegreer is in die *Bundeswehr* se 1ste Pantserafdeling (Elisabeth Shaw. “*Germany is Quietly Building a European Army Under Its Command*”. *ForeignPolicy.com*, 22 Mei 2017).

Hierdie artikel meld: “Carlo Masala, 'n professor in internasionale politiek aan die Universiteit van die Bundeswehr in München huldig die volgende opinie: “n Mens kan sien dat die Duitse regering bereid is om met die Europese militêre integrasie voort te gaan’ – selfs al is ander op die vasteland nog nie bereid om dit te doen nie”.

Samesmelting – maar *iemand* is in beheer. Raai wie? Die Duitsers. Sien u wat besig is om te gebeur? Dit gebeur alles so stadig, vreedsaam en vir vreedsame doeleindes – soos die stryd teen terrorisme. Stadig maar seker is Duitsland egter besig om Europa polities en militêre oorheers.

Indien ons niks gehad het om ons te lei nie, omdat ons nie profesie verstaan nie, sou ons Duitsland se herbewapening as 'n goeie ding kon sien. Wat kan beter wees as 'n magtige bondgenoot aan die ander kant van die Atlantiese Oseaan? Veral een wat verbind is tot demokratiese beginsels, persoonlike vryhede en fiskale verantwoordelikheid. Die probleem is dat profesie van die finale opkoms van 'n antieke Europese nasie praat wat die wêreld in 'n militêre opbou sal lei soos ons nog nooit gesien het nie. Daniël hoofstuk 11 gee besonderhede van 2,500 jaar se profesie, van die tydperk van die Persiese Ryk af tot die Wederkoms van Jesus Christus. Een van die hoofemas van die hoofstuk is die voortdurende konflik tussen die “koning van die Noorde” en die “koning van

die Suide”. Die toekomstige Diermoonheid van Europa sal daardie rol as die “koning van die Noorde” vervul. Dit is hoe Daniël hom beskryf: “En op die gode van sy vaders sal hy nie ag slaan nie, en op die liefing van die vroue en op enige god sal hy geen ag gee nie; want hy sal homself bo alles groot hou. Maar in plaas daarvan sal hy die god van die vestings vereer, en die god wat sy vaders nie geken het nie, sal hy met goud en silwer en edelgesteente en kosbaarhede vereer” (Daniël 11:37-38).

Daniël sê dat hierdie Europese koning van die Noorde eintlik 'n “god van vestings” – van “magte” of “vestings” sal aanbid. Hierdie ryk sal so daarop ingestel wees om die magtigste wapentuig op aarde te verkry en te ontwikkel dat die Bybel dit beskryf as dat hy feitlik sy eie militêre vaardigheid sal *aanbid*. Wie gaan dit wees? Nie die Verenigde State nie. Nie met sy verbysterende skuld nie. Inteendeel, dit sal 'n toekomstige Duits-geleide Diermoonheid wees wat die leiding sal neem in 'n wêreldwye wapenwedloop wat Amerika, Brittanje en hulle bondgenote jammerlik sal agterlaat.

Waarom is dit belangrik? Omdat die magsbalans besig is om te verskuif. Ons wêreld is besig om te verander en die standaarde van die laaste paar dekades gaan verdwyn!

Profesie # 3: Duitsland sal oorlog gaan voer

Soos hierbo genoem, sal Duits-

land weer op 'n vreesaanjaende manier herbewapen. Daardie wapens sal in die toekoms in verskriklike oorloë gebruik word. Let op wat in Daniël 11:39-40 staan: “So sal hy dan optree teen die versterkte vestings met behulp van 'n vreemde god; diegene wat hy erken, sal hy baie eer en hulle oor baie laat heers en grond as beloning uitdeel. Maar in die tyd van die einde sal die koning van die Suide met hom in botsing kom, en die koning van die Noorde sal op hom afstorm met strydwaens en perderuiters en baie skepe, en hy sal daarmee in die lande inkom en instroom en dit oorvloei.”

Daniël verduidelik dat die koning van die Noorde – die Europese Diermoonheid – met Duitsland as sy kern, oorlog sal voer. Dit sal die Midde-Ooste binneval, 'n Islamitiese konfederasie – die koning van die Suide – oorweldig en Jerusalem beset. Daar sal oorlog wees. Die spanning wat nou besig is om op te bou tussen die noorde en suide, Europa en die Moslem-wêreld, sal in vlamme uitbars.

Wat sal met die Verenigde State gebeur? Amerika sal ook deur hierdie Europese reusemag oorweldig word. Jesaja skryf dat God Assirië – moderne Duitsland – sal gebruik om Amerika vir sy sondes te straf. Jesaja 10:5-6 sê: “Wee Assur! die roede van my toorn en 'n stok is hy – in hulle hand is my grimmigheid! Ek sal hom stuur teen 'n roekelose nasie, en Ek sal hom bevel gee teen die volk van my grimmigheid, om buit te

maak en roof in te samel en om hulle tot 'n vertrapping te maak soos modder van die strate". Gedurende antieke tye is dit wat Assirië gedoen het. Hulle het die noordelike koninkryk van Israel in 721 v.C. verower en die hele volk in ballingskap weggevoer.

Daar is egter 'n tweeledige vervulling. Die antieke stamme van Israel word vandag in Amerika, die Britse Gemenebes en Noordwes-Europa gevind – nasies toenemend met sondige, onsedelike gedrag gevul. God sal 'n skrikwekkende, oorlog-sugtige volk gebruik om hulle te korrigeer, net soos wat Hy in antieke tye gedoen het. Assirië – moderne Duitsland – sal dit doen. Hoe kan ons so seker wees? Volg die profesie. Lees in Jesaja 27:13: "En in dié dag sal daar met 'n groot basuin geblaas word; dan sal kom die wat verlore is in die land Assur en die wat verdryf is in Egipteland, en hulle sal die HERE aanbid op die heilige berg in Jerusalem."

Teen die einde van die tydperk, wanneer die laaste basuin geblaas word, sal daar 'n versameling van mense wees. Hulle sal versamel word uit gevangenskap vanuit die land Assirië. Dit is duidelik dat hier van die Wederkoms van Jesus Christus gepraat word. Daar kan nie hier van antieke Israel gepraat word nie – hulle het nooit uit Assirië teruggekeer nie. Dit sal 'n profesie van 'n toekomstige gebeurtenis moet wees.

Duitsland sal herbewapen. Duitsland sal Europa oorheers

en Duitsland sal veg. Dit is die waarskuwing vir die Duitsers asook vir diegene wat deur hulle oorrompel sal word. Daar is egter ook goeie nuus!

Profesie #4: Bekering en herbouing

Nadat Duitsland die Israelitiese en Islamitiese nasies oorwin het, sal dit teen 'n massiewe horde uit die Ooste veg. Dit is die gevreesde Derde Wêreldoorlog en die gevolg van hierdie militêre botsing sal wees dat een-derde van die mensdom doodgemaak sal word (Openbaring 9:12-19)! Die leërs sal uiteindelik almal saamsmelt vir wat algemeen bekend staan as die "Slag van Armageddon" en hulle sal by Megiddo, noord van Jerusalem, bymekaarkom om teen 'n derde mag te veg – die terugkerende, verheerlikte Jesus Christus. Dit sal egter nie veel van 'n geveg wees nie. Hy sal hulle oorwin, hulle leërs heeltemal vernietig en die Dier en die valse profeet in die poel van vuur gooi (Openbaring 19:20).

Wat egter volgende gebeur, is 'n belangrike sleutel wat hoop aan die Duitse volk gee! Na hierdie verskriklike geveg – nadat die opstandige mensdom verneder en gekorrigeer is – sal daar oorlewendes wees. Jesus Christus sal die oorlewendes uit die land Assirië [Duitsland] en uit ander plekke versamel. Hulle sal kos en water kry. Hulle sal van hulle wonde en beserings genees word. Jesus Christus sal 'n proses van heropbou oor die hele wêreld begin. Huise en

landerye sal aan mense gegee word en hulle sal 'n kans kry om opnuut te begin. Hierdie keer sal hulle egter die ware God en Sy waarheid ken en hulle sal toegang tot Sy Heilige Gees hê. Dinge *sal beter raak*.

Let op 'n verrassende profesie in hoofstuk 19 van die boek Jesaja. Die tydsberekening is gedurende die vroeë deel van die duisendjarige heerskappy van Jesus Christus, nadat Hy na die Aarde teruggekeer het. Jesaja 19:22-23 sê: "En die HERE sal die Egiptenaars slaan, slaan en genees; en hulle sal hulle tot die HERE bekeer, en Hy sal hulle verhoor en hulle genees. In dié dag sal daar 'n grootpad wees van Egipte na Assirië, en Assiriërs sal in Egipte kom en Egiptenaars in Assirië; en Egipte sal saam met Assirië *die* HERE dien."

Dit is 'n verstommende profesie! Dit voorspel 'n tyd van vrede na die Derde Wêreldoorlog. Daar sal vrede tussen die nasies wees wat teen mekaar geveg het en wat teen die terugkerende Jesus Christus geveg het! Daar sal vrede wees. Nie net dit nie, maar die Duitsers, Arabiere, Amerikaners, Britte en ander nasies sal saamwerk aan die heropbouing van die samelewing. Soos Jesaja sê: "In dié dag sal Israel die derde wees naas Egipte en Assirië, 'n seën in die midde van die aarde, omdat die HERE van die leërskeure hom geseën het met die woorde: Geseënd is my volk Egipte en my maaksel Assirië en my erfdeel Israel!"

Vervolg op bladsy 26

Dit is Londen wat roep 'n Beter "rewolusie"!

Deur John Meakin

Twee eeue gelede, op 5 Mei 1818, is Karl Marx in Trier, Duitsland, in 'n Joodse gesin gebore wat na Protestantisme bekeer het. Hy het self later 'n ateïs geword en sy aanspraak op roem is *Marxisme*, die revolusionêre filosofie wat na hom vernoem is en meestal met *Kommunisme* en sy stalmaat, *Sosialisme*, geassosieer word.

In 1848 het Marx saam met sy jarelange vriend en medewerker Friedrich Engels, *The Communist Manifesto* geskryf waarin hy die siektes van die samelewing saamgevat het as die teenstrydighede tussen mense van twee verskillende klasse: Diegene wat oor die samelewing heers en die instrumente van produksie besit (die bourgeoisie of burgerlikes), teenoor diegene wat al die werk gedoen het (die *proletariërs* of werkersklas).

Volgens Marx was die gewelddadige omverwerping van die regerende klasse die enigste oplossing wat vrede en blywende tevredenheid kon meebring. Marx het sy manifest afgesluit met 'n opruiende oproep tot wapens: "Laat die regerende klasse sidder voor 'n kommunistiese rewolusie. Die werkersklas het niks om te verloor nie, behalwe hulle kettings. Hulle het 'n wêreld om te wen. Werkende mense van alle lande, Verenig!"

Die Kommunistiese manifest

Marx was 'n briljante en vêrsiende man, goed opgevoed,

wyd belese, geleerd, passievol, hoogs geskool en 'n meedoënlose redenaar. In sy latere lewe het hy in Londen gewoon tydens die eerste era van globalisering, wat gebaseer was op groeiende industrialisasie waar stoom en later elektrisiteit die spil was waarom alles gedraai het. Hy het geglo dat hy vooruit kon sien waarheen dit sou lei.

Baie werkers het rede gehad om vanweë lae lone en swak werksomstandighede uitgebuit te voel en hulle moes toekyk hoe hulle werkgewers en leiers skatryk word. Marx het die geskiedkundige werkersklas gesien as net 'n ander kommoditeit wat deur kapitaliste uitgebuit en misbruik is, 'n blote aangesel en loonslaaf van die nuwe masjientydperk. Hy het hom daarin verheug om die vure van konflik en geweld aan te blaas. Wat hy gesien het as 'n ewige burgeroorlog van teenstand tussen die werkersklas en die bourgeoisie of burgerklas, wou hy verander in 'n letterlike rewolusie deur geweld. Dan sou die werkersklas die wêreld oorheers – maar op watter grondslag?

Tien "onvermydelike" maatreëls

Dit is wel bekend dat Marx die metodes waardeur hy die burgerklas sou vernietig, in tien bondige manifesto-stellings uiteengesit het.

1. Afskaffing van grondeiendom en aanwending

van alle huurgeld vir openbare doeleindes.

2. 'n Swaar progressiewe of trapsgewys stygende inkomstebelasting.
3. Afskaffing van alle regte op erfenis.
4. Beslaglegging op die eiendom van alle emigrante en rebelle.
5. Sentralisering van krediet in die hande van die staat, deur middel van 'n nasionale bank met staatskapitaal en 'n eksklusiewe monopolie.
6. Sentralisering van die wyse waarop kommunikasie en vervoer in die hande van die staat gedoen word.
7. Uitbreiding van fabriek en produksiemiddele wat deur die staat besit word; die verbouing van onbewerkte grond en die verbetering van grond in die algemeen, in ooreenstemming met 'n gemeenskaplike plan.
8. Gelyke verantwoordelikheid vir almal om te werk. Vestiging van groot getalle industriële werkers, veral vir landbou.
9. Kombinerings van landbou met vervaardigingsbedrywe deur middel van die geleidelike verwydering van die onderskeid tussen dorp en platteland deur middel van 'n regverdiger verspreiding van die bevolking oor die land.
10. Gratis onderwys vir alle kinders in openbare skole. Afskaffing van die huidige

vorm van kinder-arbeid in fabriek. Kombinerings van onderwys met industriële produksie, ensovoorts, ensovoorts.

(Uit Engels se eie Engelse vertaling, *Manifesto of the Communist Party*, gepubliseer in 1906 in Chicago deur Charles H. Kerr & Company.)

Marx het beplan om die rol van vakbonde uit te brei om die werkersklas te beskerm. Selfs die burgerlike gesinsinstelling moes afgeskaf word om wat hy beskou het as die uitbuiting van kinders, te voorkom. Hy sou ook die uitbuiting van vroue beëindig wat hy in die burgerklas as plekgebonde beskou het. Hy het selfs verwag dat sy revolusionêre idees in die era van globalisering tot die afskaffing van lande en nasionaliteite sou lei.

Terugkeer van Marxisme?

Daar word gesê dat daar in die 19de en 20ste eeue niemand polities méér invloedryk as Karl Marx, met sy revolusionêre idees was nie. Kommunisme het Rusland in 1918 met geweld oorweldig en in die 1930's na China en ander nasies versprei. Die Marxistiese invloed het in verskillende vormommings wyd na 'n verskeidenheid ander lande versprei, met inbegrip van Kuba, Joego-Slawië en lande in Afrika en Oos-Europa. Vir veertig jaar het die Koue Oorlog tussen die Verenigde State, kampvegter vir kapitalisme en die Sowjet-Unie, kampvegter vir kommunisme, gewoed en kapitalisme het uiteindelik geseëvier.

Die meeste mense het toe besluit dat dit die einde van Kommunisme was. Kapitalisme met sy eie variasies, onstabiele en tekorte, was nou alleen op die speelveld. Na die ramspoedige kredietkrisis in 2008 en die besparingsmaatreëls wat daarop gevolg het, is Marxistiese idees, wat mense op 'n stadium gedink het dood is, weer aan die toeneem. Dit is veral die geval onder die onbetrokke, dikwels werklose, jonger geslag. In die V.K. huiwer 'n Marxistiese Arbeidersparty op die randjie van mag – kwylend by die vooruitsig om Brittanje te beheer op 'n tydstip wat die land op sy kwesbaarste is, terwyl die EU-Brexit onderhandelings gekompliseerd ontvou.

Nadat Marxistiese denke laat vaar en verwerp is – wat op sy beste uit halwe waarhede bestaan en nie in die praktyk uitvoerbaar is nie – gaan ons dieselfde foute herhaal? Hierdie keer is dit *outomatisasie* en *kunsmatige intelligensie* in die *digitale era van die Internet* wat opdoem as ontwrigtende tegnologieë. Sal dit tot meer Marxisties-geïnspireerde revolusies en chaos lei? Is daar 'n ander manier om ons ongemak te hanteer?

'n Persoonlike “rewolusie”

Ons wil graag 'n baie beter “rewolusie” aanbeveel. Dit word in u Bybel gevind en word die Evangelie van die Koninkryk van God genoem (Markus 1:14-15).

Wanneer alle ander filosofieë misluk het en dit sal, sal God Sy Seun, Jesus Christus, na die aarde terugstuur om God se eie *rewolusionêre filosofie* te vestig (Handelinge 3:19-21) – 'n

radikaal meer positiewe manier van dink. Met Sy Wederkoms sal Hy God se Koninkryk oor die hele aarde vestig en oor al die nasies regeer (Openbaring 11:15). Diegene wat deur God geroep word om deel van hierdie Koninkryk te wees, moet nou hulle eie persoonlike “rewolusie” veg (Handelinge 2:38-39). Dit is 'n rewolusie wat *nie* polities is nie, maar dit is geestelik en innerlik – dié van die hart en verstand. Dit het sy eie *manifes* wat uit tien basiese beginsels bestaan wat ons verhouding met God en ons medemens beheer??lei (Exodus 20:1-17).

Wat in menslike verhoudings ontbreek, is *liefde* vanuit 'n rein hart vir almal (1 Petrus 1:22). Stel u 'n samelewing voor waar die ewels van die menslike natuur geleidelik ophou bestaan. Marxisme kan nooit so 'n moreel *goeie* samelewing tot stand bring deur afguns, haat, verdeeldheid, geweld, vernietiging en dood te ontketen nie. God kan egter die middele loslaat om die menslike natuur te transformeer om soos Sy natuur te word (Romeine 12:1-2).

God se “rewolusie” sal op 'n nuwe persoonlike verhouding met Hom gebou word (Hebreërs 10:19-22), wat die menslike natuur sal verander en dit met God se goddelike natuur vervang (2 Petrus 1:2-4). *Dit* is mos nou revolusionêr. Die uitwerking daarvan sal *buitengewoon* wees! Kan God u dalk uitnooi om deel te wees van so 'n “rewolusie”? Ons nooi u uit om alles hieroor na te lees in ons boekie, *U uiteindelijke Lotsbestemming*, wat gratis beskikbaar is op u versoek. **WvM**

Vrae & Antwoorde

Lazarus en die ryk man

VRAAG: Is die verhaal van Lasarus en die ryk man nie 'n bewys dat mense hemel of hel toe gaan wanneer hulle sterf nie?

ANTWOORD: Hierdie gelykenis word dikwels verkeerd verstaan. Om te verstaan wat Jesus hier onderrig, is dit nodig dat mens eers die duidelike leerstelling van God se Woord oor die toestand van die gestorwenes verstaan. Die Bybel sê duidelik: “Die siel [dit beteken die individu] wat sondig, dié moet sterwe” (Eségiël 18:4) en Jesus het self gesê dat dié wat in Hom glo, “nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê” (Johannes 3:16). Hier maak die Bybel dit weer duidelik dat dit die lot van die sondaar is om te vergaan – om te sterf – nie om vir ewig te leef en te ly nie! Prediker 9 sê baie duidelik “die dooies weet glad niks nie” (vers 5) en daar is “geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie” (vers 10). Indien die siel wat sondig sterf en indien daar geen kennis of wysheid is – geen “bewustheid” of “denke” – vir diegene wat gesterf het nie, is daar geen manier waarop die gelykenis van Lasarus en die ryk man kan beteken dat die sondaar na die ewige pyniging van die hel gestuur word nie. Dus, wat beteken dit regtig?

Terwyl Jesus die gelykenis van Lasarus en die ryk man vertel het, wou Jesus 'n belangrike les wat die meeste mense nie verstaan het nie, illustreer. Volgens Jesus se verhaal het Lasarus gesterf en is deur engele na Abraham se boesem gedra (Lukas 16:22). Ons moet ook verstaan dat God aan Abraham en sy “saad” die belofte van die *aarde* as ewige erfenis gegee het (Romeine 4:13). Die apostel Paulus het gesê as ons Christus s'n is, word ons deur God as Abraham se saad – kinders – beskou en is dan ook saam met Abraham erfgename om hierdie belofte te ontvang (Galásiërs 3:29). Dit is deur geloof dat ons “kinders van Abraham” kan word (Galásiërs 3:7). Christene sal 'n intieme verhouding of 'n noue verhouding met Abraham hê deur hierdie belofte te deel. Christus het dit vergelyk soos om na Abraham se liefdevolle sorg gedra te word. Dit is wat met Lasarus in Christus se gelykenis gebeur het.

Dit is ook belangrik om te verstaan dat Abraham nooit hierdie beloftes ontvang het nie en ook nie sal nie, tot en met 'n datum in die toekoms (Hebreërs 11:13, 39-40). Hy sal dit erf met die opstanding van die regverdiges, wanneer Christus weer kom om die Koninkryk van God te vestig. Op daardie stadium sal *alle Christene* wat, geestelik gesproke, daardie

intieme verhouding met Abraham het, die beloftes met die eerste opstanding ontvang. Lasarus is 'n voorbeeld van Abraham se kinders wat, terwyl hulle dikwels nederig is en in hierdie lewe vertrap word, die beloftes in die beter opstanding sal ontvang (Hebreërs 11:35).

Wat van die ryk man? Let op dat hy gesterf het en begrawe is (Lukas 16:23). Hy lig dan sy oë uit die graf, nie vanuit 'n vurige hel van ewige pyniging nie. Die woord “hel” wat hier gebruik word, is vertaal vanuit die Griekse woord *Hades*, wat “graf” beteken. Dit was nie vertaal uit die Griekse woord *Gehenna*, wat die toekomstige poel van vuur verteenwoordig wat die goddeloses vir ewig sal vernietig nie (Openbaring 20:14-15). Die ryk man word uitgebeeld asof hy uit sy graf uit kom – deur 'n opstanding – op pad na daardie vuurpoel.

Ons behoort kennis te neem van belangrike tydraamwerke waarna verwys word in hierdie gelykenis. Wanneer Christus kom, sal al die regverdiges opgewek word tot onsterflikheid (Openbaring 20:4-5). Hulle sou dan al meer as 1,000 jaar onsterflik gewees het voordat die ryk man opgewek sal word om in die poel van vuur verbrand te word (verse 14-15). Hy sou in die graf gewees het sonder om bewus te wees van die tydsverloop (Prediker 9:5). Met sy opstanding uit die graf sien hy die vlamme wat hom omring.

As onsterflike seuns van God was Abraham en Lasarus aan die een kant van die “kloof” in die gelykenis (Lukas 16:26) en die ryk man, as een wat God se weg verwerp het, aan die ander kant terwyl hy die ewige dood in die gesig staar. Sommige mense beskou die groot “kloof” van die gelykenis as die verskil tussen hemel en hel, maar dit is nie wat die Bybel ons leer nie. Hierdie “kloof” dui op die verskil tussen sterflikheid en onsterflikheid. Weereens: “... die siel wat sondig, dié moet sterwe” (Eségiël 18:4), maar diegene wat onsterflik sal word in die opstanding, sal dan nooit sterf nie, want hulle sal dan tydens daardie toekomstige opstanding uit God gebore wees (Openbaring 20:6). Met die lot van die ryk man het Jesus Christus die tweede en ewige dood in die poel van vuur uitgebeeld – die eindbestemming vir diegene wat weier om die goeie nuus van die Evangelie te aanvaar en daarvolgens te handel. **WvM**

Die werke

Die Seekat: 'n Buite-ruimtelike wese in ons oseane?

In Augustus 2015 het die hoogaangeskrewe wetenskapjoernaal *Nature* 'n verslag oor die eerste ondersoek na 'n seekatgenoom gepubliseer – spesifiek dié van die “tweekolseekat”-spesie. Om 'n dier se genoom te bepaal, beteken dat die DNS volledig nagegaan word om die besonderhede van sy genetiese kode te bepaal. Hulle was verras deur die kompleksiteit en rangskikking wat hulle van die seekat se kode gevind het. Een van die wetenskaplikes van hierdie studie het geskerts: Dit is die eerste soort DNS rangskikking van 'n genoom eie aan iets soos 'n buite-ruimtelike wese.

Gaan vinnig drie jaar in die toekoms vooruit en 'n verrassende groot groep wetenskaplikes – nie minder as 33 mense nie – uit baie verskillende nasies, vakgebiede en gerespekteerde universiteite – het die grap in 'n ernstige wetenskaplike aanspraak verander.

In die tydskrif *Progress in Biophysics and Molecular Biology* beweer hierdie wetenskaplikes dat die beste verduideliking vir die bestaan van die seekat 'n buite-aardse wese is. Hulle stel een van twee moontlikhede voor: Óf eenvoudiger inkvis-voorvaders het aanvullende, ten volle funksionerende genetiese materiaal van buite-ruimtelike virusse óf

die wesens self is as 'n kolonie *cryopreserved* [bevrore] *octopus embryos* [bevrore seekat-embrios] in ys na die Aarde gedra deur ysagtige meteore (*Cause of Cambrian Explosion – Terrestrial or Cosmic?*, Augustus 2018, bl. 11-12).

So dwaas as wat die uitheemse seekat-hipotese vir die meeste mense mag lyk, hoe meer hierdie verstommende en eksotiese dier bestudeer word, hoe meer verwondering wek dit. Kom ons bestee tyd aan dié fassinerende seekat en waardeer hoe God se heerlijkheid in hierdie werk van Sy hande vertoon word.

'n Merkwaardige ontwerp

Die merkwaardigste en natuurlik die mees unieke kenmerk van die seekat is sy voorkoms. Alhoewel verskillende soorte seekatte in baie opsigte verskil, is hulle geneig om baie eenskappe te deel.

Een helfte van die seekat se liggaam is sy bultende mantel, wat 'n gespierde bolvormige gedeelte is, waar die dier se organe gevind word. Die ander helfte is saamgestel uit die seekat se agt, tentakelagtige arms, wat elkeen twee rye suiers het. Tussen hierdie twee dele van sy liggaam vind ons die dier se merkwaardige oë. Hulle is van die mees gesofistikeerde

van die onderwater koninkryk en soortgelyk aan ons eie oë met hulle kamera-agtige struktuur.

Hierdie is die gedeelte van 'n seekat wat mens sou sien wanneer mens nét onder die wateroppervlakte sou duik, maar om werklik een raak te sien, kan nogal 'n uitdaging wees! Die seekat beskik oor een van die mees ingewikkelde en gevorderde kamoefleerstelsels in alle aspekte van die natuurwêreld. Sy vel bevat tien duisende gespesialiseerde selle wat *chromatofore* genoem word. Elke chromatofoor bevat drie sakkies kleurpigment en elkeen word fyn en direk deur die seekat se senuweestelsel beheer. Dit gee aan hierdie wese 'n ongelooflik akkurate mate van beheer oor die voorkoms van sy vel. 'n Seekat kan die voorkoms van sand, koraal, rots en selfs die kleure en patrone van ander diere naboots. Bykomende velstrukture, wat papille genoem word, stel die dier in staat om die werklike *tekstuur* van die omliggende omgewing na te boots asook om die seekat byna ononderskeibaar van sy omgewing te maak.

In vergelyking met die kamoefleervermoëns van hierdie agt-arm wonder, is die verkleurmannetjie 'n blote amateur!

Hierdie vermoëns maak die seekat 'n bekwame en dodelike

van Sy hande

jagter. Terwyl hy sy prooi op 'n netvormige manier met sy arms omvou, bring die vleisetende waterdier sy ete – miskien 'n krap of kreef – na sy mond wat gevind word waar die arms onder sy kop bymekaarkom. Daar vind ons een van die min harde dele wat die wese met die sagte liggaam besit: Sy papegaai-agtige bek wat sy prooi se dop kan oopbreek en die inwendige deel daarvan dan aan sy stekelrige tong blootstel.

Om uit die greep van die seekat te ontsnap, is nie 'n nietige prestasie nie. Die ontwerp van die arms en suiers van die seekat is 'n wonderwerk! Wetenskaplikes het van die groter suiers gemeet en gevind dat 'n enkele suier 35 pond (16 kilogram) kan oplig. Die gespierde arms self, wat elk 200 tot 300 van hierdie suiers bevat, kan honderde keer die dier se eie gewig trek. Elke suier kan *individueel* gemanipuleer en beheer word en elkeen het die vermoë om toe te knyp, net soos twee menslike vingers dit kan doen. Die suiers dien ook as sensoriese organe, wat subtiele chemiese seine in die seekat se omgewing opspoor.

Terwyl seekatte geneig is om op hulle arms te vertrou om met gemak oor die oseaanvloer te beweeg, kan hulle ook vinnig van roofdiere af wegvlug, net soos 'n onderwater straler! Hulle kan water in hulle mantel ver-

samel en het die vermoë om daardie water deur 'n buisagtige tregter uit te forseer en so-doende hulleself dan tot 40 km per uur aan te dryf. Wanneer 'n seekat dit doen, kan dit ink uitspuit – in klein uitbarstings wat gevolglik die aandag van lokaas aftrek of in een groot uitbarsting wat 'n donker wolk in die water tot gevolg het. Behalwe dat dit die visie van 'n moontlike roofdier belemmer, bevat die ink ook chemikalieë wat die reuk- en smaaksintuie van die roofdier verwar en sy oë irriteer.

Al hierdie eienskappe maak die seekat een van die mees formidabele diere van die see. Tog, wanneer ons in die water onder sy liggaam sou induik vind ons addisionele merkwaardige kenmerke van sy voorkoms.

Hoogs intelligent en kompleks

Terwyl mense die voordeel van een hart geniet, het seekatte *drie*. Twee harte is verantwoordelik vir die bloedvloei deur die kieuë, terwyl die sentrale hart bloed na sy organe pomp. Asof drie harte nie genoeg is nie, het die seekat *nege* senuweestelsels!

In verhouding met sy liggaamsgrootte het die seekat een van die grootste breine van die onderwaterwêreld. 60 tot 70% van die seekat se neurone is egter nie in die brein nie, maar is tussen sy *arms* versprei! Die

brein self is die sentrum van uitvoerende funksies en is betrokke by algemene koördinasie, besluitneming, geheue en leerprosesse. Aangesien elk van die agt arms ook onafhanklik funksioneer, kan die seekat deleger om 'n probleem deur een of meer van sy arms op te los – hy kan byvoorbeeld besig wees met 'n mossel wat moeilik is om oop te kry, terwyl hy sy brein op heeltemal ander kwessies fokus, soos byvoorbeeld om nog 'n prooi te vind of op die uitkyk te wees vir roofdiere.

Die georganiseerde en komplekse senuweestelsel van die seekat maak dit 'n merkwaardig intelligente wese. Dit is al waargeneem dat seekatte met voorwerpe speel en dit lyk asof hulle 'n soort bevrediging daarin vind om raaisels op te los en dinge uitmekaar te haal, met inbegrip van kinderveilige pilbotteltjies. Hulle kan doolhowe ontsyfer en oplossings onthou om dit weer later toe te pas. Indien hulle in 'n houer met 'n deksel wat toegeskroef is geplaas word, is hulle in staat om die deksel van binne af los te skroef om hulleself te bevry. Dit is selfs waargeneem dat hulle gebruik maak van eenvoudige gereedskap. Dit is al waargeneem dat een seekatspesie – die kombars-seekat – die tentakels van die Portugese bloublasie bymekaarmaak en dit

as wapens gebruik!

'n Skepping, nie 'n buite-ruimtelike wese nie

Is seekatte buite-ruimtelike wesens op ons planeet? Beslis nie. Baie mense het opgemerk dat, so uitsonderlik as wat seekatte ook al mag voorkom, hulle die basiese genetiese chemie en breë biologiese funksies met die res van lewe op die aarde deel. Dus, hoe bonatuurlik dit ookal mag lyk, is die seekat duidelik 'n skepsel

van ons wêreld en nie van 'n anderene.

Miskien sal sommige van die wetenskaplikes wat die buite-ruimtelike seekat- referaat geskryf het eendag geïnspireer word om hulle hipotese te hersien en 'n veel meer inspirerende verduideliking te oorweeg. Eerder as om die ontwerp van die seekat aan 'n hipotetiese verre wêreld toe te skryf, behoort ons te erken dat lewe 'n Ontwerper van ont-saglike intelligensie het – 'n

Skepper wat klaarblyklik groot vreugde daarin vind om Sy skepping met diversiteit en verskeidenheid te vul. Kom ons hoop dat hierdie wetenskaplikes sal begin om in te sien dat die seekat met die versameling verrassende vermoëns en eienskappe wat dit besit, 'n lewende eerbetoon aan die vindingrykheid en genialiteit van daardie Ontwerper en Skepper is – die God waarvan hulle eie lewens ook getuig.

—Wallace G. Smith

Vervolg vanaf bladsy 7 – Die toekomstige een-wêreldregering

wanneer selfs die diere se natuur sal verander. Jesaja gee vir ons hierdie visie van die toekomstige 1,000-jarige tydperk van Christus se heerskappy saam met die heiliges:

Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vet-gemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal

hulle aanja. Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die ge-speende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk. Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die

HERE soos die waters die seabodem oordek (Jesaja 11:6-9).

Daardie nuwe wêreld kom binnekort! U behoort te bid, "... laat u koninkryk kom"! U behoort die verloop van profetiese neigings en tekens dop te hou wat Christus se Wederkoms voorafgaan! **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 20 – Wat is vir Duitsland geprofeteer?

(Jesaja 19:24-25).

Wat 'n wonderlike prentjie van die toekoms! Dit sal gebeur aan die begin van die millennium, wanneer Christus alle weerstand tot niet maak het. God haat Duitsland nie – Hy het die Duitse volk lief! Die Bybel toon ook dat Hy die geweldige krag en talente van die Duitsers sal gebruik om die wêreld te help herbou nadat hulle hulle bekeer het.

Die waarskuwing vandag is vir moderne Israel, maar ook vir die Duitse volk. Hulle word gewaarsku om nie nog 'n keer in

'n stelsel ingetrek te word wat weer sy lelike kop – met rampspoedige gevolge – kan uitsteek nie. Die boodskap is ook dat God, wanneer dit alles verby is, 'n liefdevolle God is en Hy alle mense na Homself sal trek. Die nasies sal begin om te herstel en daardie poging sal deur Israel, Egipte en Duitsland gelei word – vyande aan die einde van hierdie tydperk, maar bondgenote in die een wat aan die kom is.

God se plan is ontsagwekkend en Bybelse profesieë bring dit alles in plek. Indien ons

God toelaat om dit alles uit te lê en ons dit met 'n gewillige hart en verstand kan aanvaar, is dit so duidelik om te sien. Kom ons dank God vir Sy genade, krag, mag en wysheid. Hy sal toelaat dat die magtige nasies op aarde belangrike lesse geleer word. Op die ou einde sal Hy genade aan almal betoon wat dit wil hê, wat Sy weg aanvaar en aan Hom gehoorsaam is. Dit is waarna ons kan uitsien: 'n Dag van geprofeteerde vrede vir alle nasies en dit sluit Duitsland in.

WvM

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

Wêreld van Môre te veel tyd daaraan bestee om oor politieke korrektheid, LGBT-kwessies, badkamer-kwessies en dies meer te praat en dat ons liever, soos hulle dit sien, op die Evangelie behoort te fokus. Hulle is naïef. Die Evangelie van die Koninkryk van God doen 'n beroep op mense om hulle te bekeer van gedrag wat in stryd met God se weë is.

Hierdie kwessies behoort elke sedelik-gesonde mens na aan die hart te lê want hulle beïnvloed ons vermoë om die waarheid van die Bybel aan 'n chaotiese wêreld te verkondig. Sonder vryheid van spraak kan ons nie 'n waarskuwing aan die mense rig en 'n beroep op hulle doen om hulle te bekeer nie. Hoe reg en verkeerd gedefinieer word, is die kern van bekering.

Die profeet Jesaja is beveel: “ROEP uit die keel, hou terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes” (Jesaja 58:1). God het aan Eségiël gesê: “Mensekind, Ek stuur jou na die kinders van Israel, na die opstandige nasies wat teen My opgestaan het; hulle en hul vaders het teen My oortree tot hierdie selfde dag toe. En die kinders is hard van aangesig en verstok van hart. Ek stuur jou na hulle, en jy moet vir hulle sê: So spreek die Here HERE! Maar of hulle nou al luister of nie – want hulle is 'n wederstrewige huis – hulle sal moet erken dat daar 'n profeet in hulle midde gewees het” (Esegiël 2:3-5).

Jona het aan Ninevé gesê dat vernietiging binne 40 dae sal begin. Hulle koning het 'n vas vir die hele stad uitgeroep en beveel “elkeen moet hom van sy verkeerde weg bekeer en van die onreg wat aan sy hande kleef” (Jona 3:8). God het reageer op so 'n opregte bekering.

Die Evangelie van Markus openbaar die begin van Jesus se boodskap. “En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie” (Markus 1:14-15). Ja, Jesus vereis bekering en mense moet weet wat sonde *is* om hulle daarvan te kan bekeer. Mattheüs 23 het die godsdienstige leiers van Sy tyd vurig tereggewys op hulle

skynheiligheid. In Mattheüs 5 het Hy die Wet van God beklemtoon en die geestelike bedoeling daarvan uitgewys: Haat is die gees van moord en om wellustig na 'n vrou te kyk, is die gees van egbreuk.

Die waarheid is nie polities korrek nie

Die apostel Paulus het aan die Korinthiërs gesê dat baie van die seksuele sondes en verdorwenheid wat vandag deur ons Westerse wêreld aanvaar word, hierdie mense uit die Koninkryk van God sal hou: “Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodediaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie” (1 Korinthiërs 6:10). Sien ook Galásiërs 5:19-21 sowel as Openbaring 21:8 vir nog twee van baie voorbeelde in God se Woord waarin gedrag baie duidelik genoem word wat u uit God se Koninkryk sal hou.

Die feit van die saak is dat gedrag wat God gruwels noem, bevorder word en linkse aktiviste poog om enigeen wat nie met hulle agenda saamstem nie, die swye op te lê. Dr. James Dobson het hulle plan in sy 2002 boek, *Bringing Up Boys*, bekendgemaak en daarop gewys dat “feministe en homoseksuele aktiviste met die tradisionele rolle van moeders en vaders wil wegdoen en om mettertyd terme soos *vrou, man, seun, dogter, suster, broer, manlikheid, vroulikheid, seun, meisie, manlik* en *vroulik* uit te skakel. Hierdie verwysings na seksuele identiteit word met geslagsneutrale termes vervang, soos byvoorbeeld *beduidend anders, gade, ouer, kind* en *sibbe*” (bl. 17). Dr. Miriam Grossman verduidelik hulle agenda soos volg: “Hulle doelwit is 'n androgene [tweeslagtige] kultuur waar die verskille tussen man en vrou buite rekening gelaat of ontken word en die band van uitsonderlikheid tussen hulle beroof word” (*Unprotected*, bl. xxi).

Hulle uiteindelige doel is om die gesin te vernietig! Enige ingeligte en regdenkende persoon behoort dit te kan sien. Hulle is daarop uit om die doel waarvoor God die mens geskape het tot niet te maak – 'n vergeefse poging om God te oorwin!

Ons is nie die gevolg van blinde toeval nie. Ons is deel van 'n plan wat deur 'n Wese ontwerp is wie

Onthou asseblief om in te skakel op
Tomorrow's World TV-program van
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,
kanaal 263 op DStv.

se intelligensie, mag en liefde ons eie verreweg oortref. Die verskil is letterlik soos dag en nag.

Ek is verbaas oor hoe mense glad nie daarin geïnteresseerd is om te ontdek wat die ware doel van die lewe is en die rede waarom hulle gebore is nie. Indien u belangstel, skakel ons gerus of skryf aan die streekkantoor naaste aan u, wat op bladsy 2 gevind kan word, om 'n gratis eksemplaar van die

boekie *U uiteindelijke Lotsbestemming*, te ontvang. Dit verduidelik u direk uit die bladsye van die Bybel wat daardie doel is en dit is waarskynlik nie wat u tot dusver aanvaar het nie.



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
 Privaatsak X 3016
 Harrismith, FS
 9880**

**of skakel : 058 622 1424
 en meld dat u navraag doen
 oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**